

Memorandum: Leerderboek

Kwartaal 1

Week 1 en 2

Dit is 'n mondvoll!

Aktiwiteit 1: Twee ore en een mond beteken luister meer

Aktiwiteit 2: Luisterbegrip: *Haasbek Fiona kry 'n stopsel*

Luisterteks

Haasbek Fiona kry 'n stopsel

Deur Seugnet Esterhuyse

1. Daar is seker nie 'n mens op aarde wat nog nie tandpyn gehad het nie! Gelukkig vir ons is daar 'n tandarts na wie ons ons kan haas om ons van hierdie pyn te verlos. Baie van ons hou nie van die besoek aan die tandarts nie, maar as die pyn na 'n besoek verdwyn, is ons maar te dankbaar vir hierdie ouens wat bereid is om in ander se monde te krap.
2. Maar hoe gemaak as dit 'n dier is wat tandpyn het? Is die dier dan gedoem om vir die res van sy of haar lewe met dié tandpyn opgeskeep te sit? Nie as ons na Haasbek Fiona se storie luister nie!
3. “Nes 'n kind” het sy doodstil plat op haar rug gelê met 'n drup aan haar regterarm terwyl 'n veearts haar een voortand gestop en die ander getrek het. Baie dapper sou 'n mens sê.
4. Fiona (4), 'n sjimpansee van die Mystic Monkeys and Feathersdierepark in Rust de Winter, buite Pretoria, sal binnekort weer roomys kan eet waarvoor sy so lief is, al is dit nou met 'n haasbek. Dié sjimpansee het – net soos baie van ons – met sensitiewe tande gesukkel.
5. Dr. Gerhard Steenkamp, 'n veearts van die fakulteit veeartsenykunde by Onderstepoort wat spesialiseer in dieretandheelkunde, het gister met 'n seëllaag Fiona se regtervoortand gestop om dit te probeer beskerm en die ander uitgetrek nadat dié tand abnormaal gevorm het.
6. “Dit is soos om na 'n kind se tande om te sien omdat sy so mak is,” het Steenkamp gesê terwyl hy die sjimpansee se kop gevryf het. “Ons sal altyd probeer om die tande te red, maar ons kan nie anders as om die een tand te trek nie.
7. Christa Saayman, eienaar van dié dierepark, het gesê sy het agtergekom Fiona het tandpyn as sy vir haar 'n vrugte-ysie gee om te eet. Haar gesig het vertrek van die pyn en sy het hard geprotesteer. En as 'n sjimpansee die ysie weggooi dat hy daar trek, weet jy iets is verkeerd.
8. Steenkamp het Saayman aangeraai om Fiona se tande te begin borsel. “Dit sal nog beter wees as sy self leer om haar eie tande te borsel,” het hy gesê. Of dié sjimpansee geleer gaan word om tande te borsel, sal net die tyd leer.
9. Intussen kan sy weer heerlijk smul aan haar vrugte-ysies – maar dié keer sonder die tandpyn.

Uit *Beeld*, 26 Mei 2012, bl. 3.

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat kan jy reeds in die pre-luister-fase aflei uit die titel as daar na Fiona as haasbek verwys word? Verduidelik. (2)

Daar word gewoonlik na iemand sonder voortande (klein kindertjies wat hulle voorste melktande verloor het), as haasbek verwys. Fiona se voortand is getrek. (2)

2. Wat word in die foto uitgebeeld? Beskryf volledig. (2)

Die prosedure om Fiona se tande te trek. Daar is die dokter se hande met handskoene wat die operasie uitvoer en die suigapparaat is duidelik sigbaar. (2)

3. Die sjimpansee word met 'n kind *vergelyk*. Watter enkele woord in die aanvang van die luisterteks dui hierop? (1)

Nes. (1)

4. Hoe het sy gelê en hoe word hierdie woord beklemtoon? (2)

Doodstil. Dit is in die intensiewe vorm. (2)

5. Hoe oud is hierdie sjimpansee? (1)

4 jaar oud. (1)

6. Aan watter fakulteit is die veearts verbonde en waarin spesialiseer hy? (2)

Die fakulteit veeartsenykunde by Onderstepoort. (1)

Hy spesialiseer in dieretandheelkunde. (1)

7. Uit die teks kan 'n mens aflei dat die veearts besorg oor Fiona was. Verduidelik watter handeling van die veearts sy sorgsaamheid ondersteun. (2)

Die veearts vryf oor die sjimpansee se kop terwyl hy sê dat dit is soos om na 'n kind se tande om te sien omdat sy so mak is. (2)

8. Watter raad gee die veearts aan die eienaar van die dierepark en waarom is hierdie raad geloofwaardig? (2)

Hy het haar aangeraai om die sjimpansee te leer om self tande te borsel om sodoende tandbederf te voorkom. (1)

Dit is geloofwaardig omdat sjimpansees baie slim diere is wat sulke “toertjies” sal kan baasraak. (1)

9. Om watter rede is die ander tand getrek? (1)

Dit het abnormaal gevorm. (1)

[15]

Aktiwiteit 3: Kenmerke van tekste

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Teks 1 is 'n letterkundige teks – 'n spanningsverhaal. Noem 'n paar kenmerke van hierdie genre.

Hierdie is 'n verhaal. Hierdie teks bevat kenmerke van hierdie genre soos verteller, 'n intrige, tema ensovoorts.

2. Bestudeer teks 2 noukeurig.

2.1 Watter soort teks is hierdie?

Hierdie is 'n grafiese teks. 'n Grafiek word gebruik om inligting oor te dra.

2.2 Watter troeteldier het nie aftrek gekry nie?

Slange.

2.3 Watter persentasie van die kinders het honde verkies?

34%

2.4 Hoeveel kinders het die tradisionele troeteldiere (honde en katte) verkies?

28 kinders.

3. Watter soort teks is teks 3? Skryf 'n paar kenmerke van hierdie soort teks neer.

Dit is 'n literêre teks – 'n gedig. Enige van die kenmerke van 'n gedig: vaste strofes, versreëls, rym, ritme, woorde word ekonomies gebruik, klankrykheid, ensovoorts.

4. Teks 4 is 'n wetenskaplike teks. Wat is die aard van die styl van hierdie teks?

Die taal is saaklik en nugter.

5. Watter soort literêre teks is teks 5? Verduidelik die verskil tussen die hoofteks en die neweteks.

Hierdie is 'n dramateks. Die hoofteks is die dialoog wat die karakters sê in hulle spreekbeurt. Die neweteks is die toneelaanwysings wat die dramaturg gee oor die agtergrond, plasing, tyd, handeling van die karakters.

Aktiwiteit 4: Breek 'n lamsie vir 'n doppie

Vrae en voorgestelde antwoorde

Leerders bestudeer die **visuele uitbeelding**:

1. Bestudeer die praatborrel in die illustrasie.

1.1 Waarom word die (hik) in die praatborrel tussen hakies geplaas?

Dit is nie die man se direkte woorde nie. Dit is slegs om aan te dui dat die man tussendeur hik. Dit dui dus op die hikkeluid.

1.2 Watter suggestie is daar in die woorde van die man geleë?

Dat hy te veel gedrink het.

1.3 Tot watter woordsoort behoort die woord *eish* en wat word daardeur te kenne gegee?

Dit is 'n tussenwerpsel wat sy gevoel van verontwaardiging weergee.

2. Waarom is dit wat die verpleegster op die skinkbord bring, ironies? Verduidelik.

Hulle bring gewoonlik medisyne, nou bring sy drank. Dit is ironies, want gewoonlik is medici gekant teen drank. Dit vorm dus 'n kontras/ironie.

3. Is die man ingenome met sy "medikasie"? Gee redes om jou antwoord te motiveer.

Nee, sy hand wys nee, hy wil nie nog hê nie. Hy lyk gespanne (amper geskok), sy gesigsuitdrukking dui ook op afkeer.

4. Waaruit kan jy aflei dat die man dronk is?

Hy hik, sy neus is rooi, die uitbeelding van die draaibewegings om sy kop wat versinnebeeld dat die wêreld om hom draai, die borreltjies bo sy kop, sy oë wat half toe is, dit lyk of hy sleptong praat.

Leerders bestudeer die **teks** en beantwoord die volgende vrae:

5. Wat beteken dit om 'n *lamsie te breek*?

Dit beteken om 'n goeie woordjie te doen vir die persoon of saak.

6. Waarna verwys *nog enetjie* (paragraaf 2)?

Na nóg 'n drankie wat die verpleegster bring. (Dit verwys ook na die bekende eish-advertensie.)

7. Bestudeer paragraaf 3 noukeurig.

7.1 Watter woorde in paragraaf 3 staan in kontras en hoe word dié woorde uitgehef?

Die woorde *wóú nie* en *móés* staan in kontras. Dit word uitgehef deur die gebruik van die aksenttekens.

7.2 Wat word deur hierdie woorde te kenne gegee?

Dat hy nie uit vrye wil gedrink het nie, maar omdat hy géén keuse gehad het nie – dit het sy lewe gered.

8. Bestudeer paragraaf 4 met aandag.

8.1 Waarom is die woorde “*alkohol-dieet*” tussen aanhalingstekens geplaas?

Dit was nie werklik ’n dieet (kos) nie. Woorde word buite konteks gebruik.

8.2 Met watter woorde in paragraaf 5 hou dit verband? Verduidelik.

Dit hou verband met “*En hy mag niks eet nie.*” Sy dieet het dus net uit drank bestaan.

9. Drink Ben de Beer volgens die teks elke naweek ’n paar biere?

Nee, net as die geleentheid hom voordoen. Dus nie elke naweek nie.

10. Waarna verwys *Skotse medisyne* (paragraaf 6)?

Na die (Skotse) whisky wat hy drink.

11. Waarom het hy gesê hy voel goed as die susters hom daarna gevra het?

Hy kon nie meer helder dink nie. Hy was te dronk om te weet of hy goed of sleg voel.

12. Bestudeer paragraaf 4 en 13 noukeurig.

12.1 Wat is die verband tussen dié twee paragrawe?

In paragraaf 4 word daar gepraat van *dodelike remvloeistof* en in paragraaf 13 word bewyse verskaf deur te sê dat daar twee Bloemfonteiners dood is nadat hulle remvloeistof ingekry het.

12.2 Gee ’n ander woord vir *noodlottig* (paragraaf 13).

Dodelik.

13. Gee ’n idiomatiese benaming vir ’n persoon wat dronk is.

Hoenderkop.

14. Skryf ten minste vier idiome neer vir iemand wat te veel gedrink het.

Hy loop twee rye spore.

Hy het deur die wingerd geloop.

Hy het tiermelk gedrink.

Hy het sy elmboog te hoog gelig.

Soos ’n ketter/vis te suip.

’n Drinkebroer te wees.

Hoog in die takke.

Aktiwiteit 5: Studie van die letterkunde: Gedigte

Aktiwiteit 6: Ontleed ’n koerantberig

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die titel van die koerantberig.

1.1 Is dit ’n trefferkop vir dié berig? Motiveer.

Ja, want dit prikkel die nuuskierigheid en die leser wil weet wat het aanleiding daartoe gegee.

1.2 Gee ander koppe vir dié berig en bespreek die gepastheid daarvan.

Leeders gee hulle eie opskrifte en bespreek die geskiktheid daarvan al dan nie.

2. Wat is die aard van die styl van hierdie berig?

Hierdie is in tipiese saaklike koerantstyl geskryf. Dit inhoud gee egter 'n humoristiese speelsheid daaraan.

3. Word die feite georden weergegee?

Feite word logies en georden weergegee.

4. Word die vrae wie? wat? waar? wanneer? in die berig beantwoord?

Hierdie vrae word in die berig beantwoord.

5. Is daar aanhalings van mense wat direk betrokke is? Wat sou die waarde van dié aanhalings wees?

Daar is direkte aanhalings van die tandarts betrokke en dit gee geloofwaardigheid aan die berig.

6. Dink jy dit is 'n interessante berig? Motiveer.

Leeders verskaf hulle eie antwoorde. Dit moet net goed gemotiveer word.

Aktiwiteit 7: Skryf 'n koerantberig

Aktiwiteit 8: Hoe goed is jou spelvermoë?

Vrae en voorgestelde antwoorde

Die korrekte antwoord is vetgedruk:

- In watter van die volgende is ál die woorde nie korrek gespél nie?
 - Herinner, ingenieur, halssnoer, basseer. (Baseer)**
 - Handdoek, komitee, adellik, debatteer.
 - Kommissie, versnaperinge, onmiddellik.
 - Aggressor, interessant, lektrise, onverbiddelik.
- In watter van die volgende is die afkappingsteken nie korrek gebruik nie?
 - Ons hou g'n van mekaar nie!
 - Die oumas het saam in die kombi's gery.
 - Die Terblanche'e het saam 'n plaas gekoop.
 - Baie kamera's het tydens die sportbyeenkoms geflits. (kamas)**
- In watter van die volgende is die deelteken korrek gebruik?
 - Die klomp vroumense is altyd besig om te diëet. (dieet)
 - Dit is die man wat die byeenkoms koördineer.**
 - Hy het in die vroë oggendure opgestaan om koffie te maak (vroë)
 - Hy het 'n tatoëermerk op sy voorarm. (tatoëermerk)
- Watter van die volgende woorde word met 'n kappie gespél?
 - regverdig (geen kappie)
 - reunie (reünie)

- c. **rue (rûe)**
 d. stert (geen kappie)
5. By watter een van die volgende is die koppelteken verkeerd gebruik?
 a. **Hy was baie bek-af toe sy meisie hom gekul het. (bekaf een woord)**
 b. Hy het sy maat per ongeluk getref met sy rond-en-bont-slanery.
 c. Hy het pronk-ertjies in die tuin geplant.
 d. Die ruk-en-rolorkes het tot laat die skare vermaak.
6. By watter een van die volgende is die los- en vasskryf van woorde nie korrek nie?
 a. Hy val agtertoe oor die krans.
 b. Die buitekant van die huis moet gevef word.
 c. **Hy stap na skool huistoe. (huis toe: selfstandige naamwoord plus toe = los)**
 d. Die kelkiewyn sit in die boom. (soort voëltjie)
7. By watter sin is die komma verkeerd gebruik?
 a. Sal jy, Johan, asseblief my broodjie aangee?
 b. Nadat hy dit gesê het, het hy vertrek.
 c. Die skoolhoof, mnr. Van der Merwe, was baie hardwerkend.
 d. **Nadat ons, ons werk gedoen het, het ons gaan speel. (geen komma tussen voornaamwoorde nie)**
8. Watter intensiewe vorm is verkeerd gebruik?
 a. Die foeilelike man word deur sy vriende gespot.
 b. **Die leeusterk man het die rots in die see gewerp. (ystersterk)**
 c. Jy is heeltemal te perdgerus oor die eksamens wat voorlê.
 d. Die bliksemsnel atleet was eerste oor die wenstreep.
9. In watter sin is die hoofletters korrek gebruik?
 a. Daar loop Mnr. De Beer oor die pad. (mnr. De Beer)
 b. **Jy kan gerus dr. Van Niekerk vra om jou te help.**
 c. 20 Tennisspelers het op Wimbledon gaan speel. (20 tennisspelers)
 d. Die universiteit se hoofamptenaar word 'n Rektor genoem. (rektor)
10. By watter een is die trappe van vergelyking nie korrek nie?
 a. Dit was die woesste geveg wat ek nog gesien het.
 b. Die kamer het muwwer geruik as die ander een.
 c. **Hy is die skuste van al ons vriende en kuier omtrent by niemand nie. (skuuste)**
 d. Hy was die mees tevrede mens wat ek al ooit teëgekomp het. [10]

Aktiwiteit 9: My eie spellys

Aktiwiteit 10: Spelling: *Stokou plaak gee nuwe insig in dieet*

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf die wisselvorm van die woord *stokou* soos dit in die titel voorkom, neer.
Stokoud.

2. Skryf die meervoud neer van die woord *plaak* (paragraaf 1).
Dit het geen meervoud nie, bly net plaak.
3. Die woorde *argeoloë* en *mondhigiëne* wat in paragraaf 1 voorkom, word met 'n deelteken geskryf om die begin van 'n nuwe lettergreep aan te dui. Skryf die volgende woorde oor en plaas deelttekens op die regte letter waar nodig:
reent, koördinasie, bedrieër, dieet.
Reent (geen deelteken nie), koördinasie, bedrieër, dieet (geen deelteken nie).
4. Gee die rede vir die gebruik van die komma in die eerste paragraaf.
Voor die voegwoord *maar* kom daar 'n komma.
5. Die woord *begrawe* kom in paragraaf 2 voor. Wat noem 'n mens die plek waar mense begrawe word wat verband hou met hierdie woord? Let op die spelling van hierdie woord.
Begraafplaas.
6. Waarom word die woord *vasstel* (paragraaf 3) met twee s'e gespel?
Dit is 'n samestelling van twee woorde waarvan die eerste met 'n s eindig en die tweede met 'n s begin.
7. Die woord *dié* (paragraaf 4) word met 'n akuutaksent geskryf om beklemtoning aan te dui. Skryf die volgende woorde oor en plaas die korrekte aksent op die woord: ne, de, cliché, attache.
Nè, dè, cliché, attaché.
8. Watter betekenisverandering sal die woord *verassing* (paragraaf 4) ondergaan as dit met een r gespel word?
Dit sal dan *verassing* wees wat verwys na 'n lyk wat veras word.

Aktiwiteit 11: Geïntegreerde taalleer

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. In die subopskrif is daar twee woordtoortollighede. Skryf dit neer en verduidelik.
Die woorde *gratis* en *verniet* beteken dieselfde. Die woorde *negatiewe* *newe-effekte* is ook woordtoortolligheid, want as dit 'n *newe-effek* is, dan beteken dit juis dat dit negatief is.
2. Gee die rede vir die gebruik van die koppelteken by die woord *newe-effekte* (in die subopskrif).
Dit is 'n opeenvolging van klinkers/vokale en word daarom met 'n koppelteken gespel.
3. Die woord *lagterapie* kom in die subopskrif voor.
 - 3.1 Vorm nou 'n persoonsnaam van dié woord in die volgende sin:
Die (lagterapie) het die voordele van lag aan die pasiënte verduidelik.
Lagterapeut.
 - 3.2 Haal 'n woord uit paragraaf 15 aan wat hierby aansluit.
Lagafrigter.
4. Gee die verkleining van die volgende woorde wat uit die teks kom:
 - 4.1 Die vrou tjie het so gelag dat haar (oë) (paragraaf 1) skrefies trek.
Ogies.
 - 4.2 Die siek kind se (liggaam) (paragraaf 5) was weerloos teen die infeksie.

Liggaampie.

5. Voegsels kan betekenis hê. Gee die betekenis van die onderstreepte voegsels in die woorde uit die teks:

5.1 herlaai (paragraaf 3) – **Weer.**

5.2 vermindering (paragraaf 8) – **Om minder te maak.**

5.3 onvanpas (paragraaf 13) – **Nie.**

6. Gee die antoniem (teenoorgestelde betekenis) van die woord *herlaai* (paragraaf 3).

Ontlaai.

7. Die woord *perspektief* kom in paragraaf 3 voor. Gee ten minste twee ander betekenis van hierdie woord.

Perspektief van 'n skildery. (So voor te stel dat dit in die ruimte staan ten opsigte van lengte, diepte en breedte.)

Iets in perspektief sien. (Die vermoë om verhouding en belangrikheid tot mekaar te sien.)

'n Mooi perspektief voor hom te hê. ('n Mooi toekoms of vooruitsig te hê.)

8. Die woord *berokken* kom in paragraaf 4 voor. Skryf die basis waaruit hierdie woord afgelei is, neer.

(Be)reken.

9. 'n Antoniem is 'n woord met die teenoorgestelde betekenis. Gee die teenoorgestelde betekenis van die vetgedrukte woorde uit die teks:

9.1 Dit is nie weer op die *voorgond* (paragraaf 6) gebring nie, maar op die ... **agtergrond** geskuif.

9.2 Hy wou die kind *opvrolik* (paragraaf 7), maar het deur sy optrede die kind ... **vervreem, swartgallig maak.**

10. Skryf die betekenis van *terminaal* (paragraaf 7) neer. **Ernstige siekte wat spoedig tot die dood lei.**

11. Die woord *veelgeroemde* kom in paragraaf 8 voor.

11.1 Gee die intensiewe vorme van die verwante woorde *beroemd* en *bekend* in die volgende sin: Die (beroemd) akteur samentel geld vir terminale pasiënte in en is daarom (bekend) in hospitale.

Wêreldberoemde en alom bekend (twee woorde).

11.2 Wanneer is iemand berug?

Wanneer hy negatief bekend is.

12. Die woord *genesingsproses* (paragraaf 9) is van toepassing. Dui die morfologiese bou van hierdie woord aan deur te onderskei tussen basisse en morfeme.

Genees (basis) + -ing (agtervoegsel) + verbindingsklank s + proses (basis).

13. Die deelteken dui gewoonlik die begin van 'n nuwe lettergreep aan soos byvoorbeeld op die woord *reën*. Om watter rede word die woord *aërobiëse* (paragraaf 10) met 'n deelteken gespel?

Die verbinding van ae in eg Afrikaanse woorde soos nael en hael kry nie 'n deelteken nie. Die verbinding ae in vreemde woorde kry wel 'n deelteken: aërometer, aërodinamika.

14. Die woorde *mees beskaafde* word in paragraaf 12 gebruik. Skryf die volgende sin oor en verbeter ten opsigte van die trappe van vergelyking: Die dokter was meer vriendeliker as die suster, maar die jong verpleegstertjie was die mees vriendelikste.

Die dokter was meer vriendelik/vriendeliker (nie dubbele vergrotende trap nie) as die suster, maar die jong verpleegstertjie was die mees vriendelike/vriendelikste (nie dubbele oortreffende trap nie).

15. Die woorde *lyer* en *blyk* kom in paragraaf 13 voor. Maak 'n goeie sin met elk van dié woorde sodat die verskil in betekenis duidelik daaruit spruit.

15.1 *lyer* en *leier*

Iemand wat aan 'n siekte ly, is 'n lyer.

Iemand wat lei deur sy positiewe voorbeeld, is 'n goeie leier.

15.2 *blyk* en *bleik*.

Dit blyk die waarheid te wees (koppelwerkwoord).

Die son bleik die branderplankryer se hare.

16. Gee 'n ander uitdrukking vir die woorde *om planne te beraam* (paragraaf 15).

Om planne te prakseer.

17. Skryf die volgende sinne oor en gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. Let op die gebruik van die deelteken.

17.1 Die (kommersieel) musiek het dikwels 'n stoute tema wat jou uit jou maag laat lag.

kommersiële.

17.2 Lag is 'n (universeel) verskynsel.

universele (geen deelteken).

18. Gee die rede vir die gebruik van die kommas in paragraaf 17.

Die eerste komma is voor die voegwoord *want*. Die tweede komma word gebruik by 'n reeks byvoeglike naamwoorde.

19. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies: Lag kan nie verklaar word nie, dit is baie keer (nie rasideel nie).

irrasioneel.

Week 3 en 4

Afrikaans ons bobaas taal

Aktiwiteit 12: Groepbespreking: Dis klaarpraat met idiome

Aktiwiteit 13: Lees met begrip

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Bestudeer die grafiese voorstelling en beantwoord die volgende vrae:
 - 1.1 Wie is die man op die foto in dié illustrasie?
Mathews Phosa, die skrywer van die artikel.
 - 1.2 Daar is 'n kind en 'n moeder in die illustrasie. Wat word deur dié beeld te kenne gegee?
Die skrywer se verhouding met Afrikaans is so natuurlik soos dié tussen 'n moeder en kind.
 - 1.3 Met watter paragraaf hou die uitbeelding van die bril direk verband?
Paragraaf 7.
 - 1.4 Verduidelik die kontras wat daar opgesluit lê in die gedig *Talle tonge*.
'n Tong kan sny (dit is woorde wat kan seermaak), maar 'n tong kan ook self (troos).
- Waar verneem mense gedurig na die spreker se liefde vir Afrikaans?
By die werkplek en by sosiale geleenthede.
- Haal woorde uit die teks aan wat dieselfde beteken as *bewus word van indrukke van buite of van innerlike aandoenings*?
Die woorde “diepste gewaarwordinge” (paragraaf 3).
- Verduidelik in jou eie woorde wat bedoel word met dié woorde in paragraaf 4: “Die taal (Afrikaans) stort oor die grense van volk en ras.”
Afrikaans is nie beperk tot 'n enkele volk of ras nie. Almal kan en mag Afrikaans praat.
- Wat is die verband tussen paragraaf 5 en 6?
Die stelling wat in paragraaf 5 gemaak word, word verder uitgebou en verduidelik in paragraaf 6.
- Dink jy die stelling “In Suid-Afrika is nog oor geen taal só gedebatteer soos oor Afrikaans nie” is geldig? Motiveer jou antwoord duidelik.
Dit is geldig. Die stryd om Afrikaans is al vir eeue 'n strydpunt.
- Benoem en verduidelik die beeldspraak wat gebruik word in die woorde *die taal (is) 'n bril* (paragraaf 7).
Metafoor. Die taal word gelyk gestel aan 'n bril, dit wil sê die wyse waarop 'n mens na die wêreld om jou kyk.
- Skryf paragraaf 8 in jou eie woorde oor.
Die taal is die middel waarmee ons ons diepste gevoelens kan verwoord en waarmee ons orde in ons lewens skep.
- N.P. van Wyk Louw het gepraat van die fyn, fyn net van die woord, waarmee ons blink en vet visse uit baie waters haal (paragraaf 10).
 - 9.1 Wat impliseer die herhaling van die woord *fyn*?

Dit beklemtoon die delikaatheid van die net of woord.

9.2 Is die beeld van die *visse* 'n gepaste beeld? Motiveer.

Ja, dit is gepas. Net soos 'n net gebruik word om visse te vang, net so is woorde die instrument van 'n taal. Visse word gebruik om te voed en woorde kan 'n mens se siel voed.

10. Watter enkele woord uit paragraaf 11 hef dit uit dat daar meer as een rede is waarom dr. Phosa lief is vir Afrikaans?

Die woord *nóg*.

11. Verduidelik in jou eie woorde die drie gebiede waarop alle tale gelyk is.

Fonologies – volgens klank.

Morfologies – volgens die bou van die woord.

Sintakties – volgens die sinne in die taal.

12. Watter woorde van paragraaf 11 word in paragraaf 12 herhaal en wat word daardeur beklemtoon?

Die woorde *te lank* beklemtoon dat Afrikaanse dialekte te lank misken is.

13. Benoem en verduidelik die beeldspraak in *Afrikaans is 'n lappieskombers* (paragraaf 14).

Metafoor. Die verskillende lappies dui die verskillende dialekte van Afrikaans aan, maar sáám vorm hulle die taal in al sy verskeidenheid.

14. Watter funksie verrig die woorde tussen hakies in paragraaf 15?

Dit gee 'n verklaring van die afkorting WAT.

15. Waarom is dit insiggewend wat D.F. Malherbe (paragraaf 16) gesê het?

Dit is insiggewend omdat D.F. Malherbe dié waarheid al meer as 80 jaar gelede kwytingeraak het.

Aktiwiteit 14: Studie van die letterkunde: Roman

Aktiwiteit 15: Skryf 'n verhalende opstel [Formele assesseringstaak 2]

Aktiwiteit 16: Klankleer

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die y-klank in die woord *by en jy* in paragraaf 1 is 'n voorbeeld van 'n diftong. Skryf nog twee woorde uit paragraaf 1 neer waarin diftonge voorkom en onderstreep die diftonge.

Ooit, geleentheid.

2. Skryf uit paragraaf 1 'n woord neer waarin klankverspringing kan voorkom. Dui ook aan hoe die verspringing plaasvind.

Probeer uitgespreek as *pirbeer* is 'n voorbeeld van klankverspringing.

3. Skryf uit paragraaf 1 'n woord neer waarin gedeeltelike assimilasië kan voorkom.

Inpas uitgespreek as *impas*.

4. Watter klankverskynsel kom in die woord *ondernem* (paragraaf 2) voor?

Algehele assimilasië.

5. Uit watter twee woorde is die woord *nes* in paragraaf 3 gevorm?

Net en soos.

6. Gebruik die woord *seker* in paragraaf 4 om aan te dui dat een letter verskillende klanke kan voorstel.

In die woord *seker* word die letter-e eers as 'n ee-klank en dan as 'n i-klank uitgespreek.

7. Skryf 'n woord uit paragraaf 5 neer waarin nasalering en vokalisering kan voorkom.

Mense.

8. Skryf uit paragraaf 5 'n voorbeeld van 'n woord neer waarin vokaalreduksie kan voorkom.

Wanneer uitgespreek as wannir is 'n voorbeeld van vokaalreduksie.

9. Indien die woord *kry* (paragraaf 6) oorrond uitgespreek word, verander die betekenis van die woord. Skryf dié woord asook die betekenis van die nuwe woord neer.

As die woord *kry* oorrond word, verander dit na die woord *krui* wat dui op 'n plant wat vir sy geur en aroma bekend is.

10. Skryf neer of die onderstreepte klank in die woord *bloed* in paragraaf 7, stemloos of stemhebbend is.

Stemloos, want dit word as 'n t-klank uitgespreek.

11. Verdeel die onderstaande woorde in lettergrepe en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra:

11.1 *eienaardig* (paragraaf 4) **Ei – en – aar – dig.**

11.2 *situasie* (paragraaf 5). **Si – tu – a – sie.**

12. Benoem die manier van vorming van die onderstreepte klanke in die woord **verbeeldingswoord** (paragraaf 7). **(Verryking)**

v = frikatiewe klank

r = triller

b = eksplosiewe klank

l = laterale klank

ng = nasale klank

d = eksplosiewe klank.

Aktiwiteit 17: Geïntegreerde taalleer

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf uit die eerste sin van die leesstuk die volgende neer:

1.1 'n Voorbeeld van 'n woord waarin vokaalreduksie kan voorkom.

***Vandag* uitgespreek as *vindag* is 'n voorbeeld van vokaalreduksie.**

1.2 'n Voorbeeld van die infinitief.

te wete wil kom.

2. In paragraaf 1 beteken die woord *metode* die prosedure wat gevolg word by die uitvoering van 'n taak. Skryf nou die korrekte vorm van dié woord tussen hakies neer.

Die (metode) van die onderrig van 'n taal moet alle fasette daarvan dek.

Metodiek.

3. Watter betekenisverandering sal die woord *eiers* (paragraaf 1) ondergaan as dit oorrond uitgespreek word?

Eiers oorrond uitgespreek is uiers. Dit verwys na die melkorgane van koeie.

4. Die woord *waarskynlik* kom in paragraaf 1 voor. Skryf 'n antoniem (woord met die teenoorgestelde betekenis) vir dié woord neer.

Beslis, definitief, ensovoorts.

5. Word die woord *tameletjie* in paragraaf 3 konnotatief of denotatief gebruik?

Die woord tameletjie word konnotatief gebruik, want dit verwys daarna dat die persoon 'n probleem ondervind. Dit verwys nie na 'n taai soort lekkergoed nie.

6. Skryf 'n woord uit paragraaf 3 neer wat min of meer dieselfde beteken as *ervare*.

Gesoute.

7. Skryf die persoonsnaam neer van:

7.1 Iemand wat taalsuiwerheid voorstaan. **Puris.**

7.2 Iemand wat die herkoms van woorde bestudeer. **Etimoloog.**

8. ... *is totaal en al elusief in die kuberruim* (paragraaf 4) Slaan die betekenis van die woord *elusief* in die woordeboek na en skryf in jou eie woorde bostaande aanhaling neer.

Die Afrikaanse boeke is onverkrygbaar op die Internet.

9. Skryf uit paragraaf 5 'n woord neer wat 'n deel van 'n geheel beteken.

Fragment.

10. Die woord *literêre* in paragraaf 9 word met 'n kappie geskryf. Plaas kappies op die volgende woorde waar nodig: regverdig, miljoener, affere, verwerdig, sekonder.

Regverdig, miljoenêr, affêre, verwerdig, sekondêr.

11. Tot watter woordsoort behoort die woord *hoewel* in paragraaf 10?

Voegwoord.

12. Die woord *musici* in paragraaf 11 is die meervoud van die woord *musikus*. Skryf 'n wisselvorm vir dié woord neer.

Musikusse.

13. In paragraaf 14 kom die woord *erken* voor. Gebruik nou die woord *herken* in 'n verhelderende sin, sodat die betekenis duidelik na vore kom.

Leerders maak 'n sin met die woord herken wat daarop dui dat jy iemand eien. Ek het die inbreker herken aan sy groot neus.

14. Verduidelik die gebruik van die retoriese vraag aan die begin van paragraaf 6.

Die skrywer wil die leser betrek en dit uithef hoe skrywend ironies dit is dat die enigste plek waar 'n mens aanlyn iets oor Afrikaans kan naslaan in 'n Engelse handboek is.

15. Verklaar die gebruik van die komma in die eerste sin van paragraaf 10.

Die komma kom voor tussen twee gesegdes.

16. Lees weer paragraaf 16. Verduidelik die gebruik van die aanhalingstekens in hierdie paragraaf.

Die aanhalingstekens word gebruik voor en na die direkte woorde wat aangehaal word.

17. Skryf die verkleining van die woord *samelewing* wat in paragraaf 16 voorkom neer.

Samelewinkie.

Aktiwiteit 18: My eie spellys

Vere, vlerke en vinne

Aktiwiteit 19: Luisterbegrip

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Waaruit kan afgelei word dat hulle baie visse gevang het?
Die kratte is vol vis en die vissermanne glimlag gelukkig.
2. Die man se gesigsuitdrukking vorm 'n kontras met dié van die vissers. Verduidelik.
Die vissers is vrolik terwyl die man se gesigsuitdrukking wys dat hy verbaas is (sy oë is groot). Hy glimlag net effens.
3. Wie trek, behalwe die mens ook voordeel uit dié gebeure?
Die seevoëls deel ook in die buit.
4. Watter twee wyses van visvang word in die prent geïllustreer?
Om met 'n net te vang in die vlakwater. In die agtergrond is ook 'n vistreiler op die oop see.

Luisterteks

Wat doen jy dan met jou vangs?

Deur Dries Liebenberg

1. Die vissermanne het gekom, hulle nette ingetrek en met die kratte boordens toe vol blink sardyne hoog op bakkies gepak mark toe gery. Baie in hulle skik met hulle vangs. En die verkoop van dié vissies kan hulle 'n paar rand in die sak bring.
2. En daar staan jy nou ... in 'n nat broek al is dit kuithoogte opgerol, kaal voete gekoek van die seesand en 'n plastieksak vol sardyne in die hand.
3. Hier teen jou been staan Sussie met 'n sardyn in elke vuisie. 4. Saam met die menigte opgewonde grootmense en kinders het sy ook gegryp en geskep toe die vlak water van vis gebewe het toe die vissermanne se treknet wal toe gebring is.
5. Later toe die vissermanlywe fluks kratte vol geskep het, het jy gretig na een van die handlangers geluister hoe dit voel as die skool sardyne teen jou lyf krioel daar in die see as jy die treknet strand toe help bring. En jy het heimlik gewens dat jy dit ook kon beleef.
6. Soos die kratte vol vis geskep is, kon 'n ieder en elk 'n plastieksak of selfs 'n hele krat vol sardyne vir 'n appel en 'n ei koop. As die aanbod hoog is, is die vraag daarna min. Dit geld ook die oorvloedige sardyne.
7. En daar staan jy nou – plastieksak vol opwinding vir mahala – van die see. Maar wat maak jy met die vis?
8. Is dit hengelaas, katkos of net 'n ergenis by die huis?
9. Dit lyk of byna elke land ter wêreld sy eie gunsteling-sardynresepte het. Die Portugese braai hom sommer sonder seremonie met net 'n bietjie sout en peper oor die kole. Die Italianers het 'n manier bedink om dit in 'n pasta te gebruik en die Grieke eet hulle sardelles pastes (vars sardyne wat vir 'n paar uur in growwe sout gepak is) rou met 'n goeie skeut ouzo.
10. Jy onthou jou ouma het die sardyne so ingelê saam met tamatiesous. Maar daardie familieresep is lankal nie meer in familiehande nie.

11. Dus kyk jy na die vissies in sussie se hand en dié wat jy in die plastiëksak geboender het. Skielik lyk dit nie meer na so 'n goeie vangs nie. Maar die opwinding wat met die vangs gepaard gaan, was alles die moeite werd.

Verwerk uit *Beeld Plus*, 10 Junie 2006, bl. 15.

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hoe word die belangrikheid van die aksie van die visvangs aan die luisteraar oorgedra?
Beklemtoning van die werkwoorde *gekóm*, *ingetrek* en *mark toe gery*. (1)
2. Skryf die uitdrukking neer wat aandui dat die kratte baie vol gelaai was.
Boordens toe vol. (1)
3. Laat die onderwyser wéér paragraaf 2 voorlees.
 - 3.1 Wat dui aan dat die leerders visueel 'n prentjie moet skep van hoe die man daar op die stand staan?
Die pousering dui aan dat die luisteraar sy gedagtes kan invoeg en 'n beeld van die gebeure skep. (1)
 - 3.2 Wat is die tempo van hierdie paragraaf? Waardeur word dié tempo bewerkstellig?
Die tempo is stadig. Die teks word stadiger gelees, die baie leestekens asook die lang klanke verstadig die tempo. (2)
4. "Hier teen jou been staan Sussie met 'n sardyn in elke vuisie" (paragraaf 3).
 - 4.1 Ken die spreker vir die meisie van wie hier sprake is? Motiveer.
Nee, hy ken haar nie. Noem haar sommer "Sussie". Dit dui op 'n naam en dus nie sy suster (verkleiningsvorm) nie. (2)
 - 4.2 Noem twee middele wat in die sin aangewend word om vertedering te skep.
Die verkleinwoorde en die sagte s-klank wat herhaal word. (1)
5. Watter enkele woord dui die beweging van die vis onder die water aan?
Gebewe. (1)
6. Wat het een van die handlangers vertel wat die spreker so geïnteresseer het?
Hy het vertel hoe dit voel as 'n skool sardyne om jou lyf krioel as jy die treknet help strand toe bring. (2)
7. Skryf die uitdrukking uit die luisterteks neer as iets spotgoedkoop gekoop kan word.
Vir 'n appel en 'n ei (nie ui nie!). (1)
8. Benoem en verduidelik die beeldspraak in die woorde *plastiëksak vol opwinding* (paragraaf 7). Waarom is die gebruik van dié beeldspraak hier so treffend?
Personifikasie/metafoor. Die sardyne spartel in die plastiëksak. Dit dui op die opwindende gebeure rondom die vangs van die sardyne. (2)
9. Haal die leenwoord uit Zulu aan wat beteken *gratis ontvang*.
Mahala. (1)
10. Wat wil die spreker bereik deur die retoriese vrae? Waarby sluit dit direk aan?
Dit betrek die leser by die oplossing van die probleem wat om met die vangs (sardyne) te maak. Dit sluit direk by die titel van dié luisterteks aan. (2)
11. Hoe eet die Portugese die sardyne? Hoe word dit uitgehef dat hulle dit moeiteloos voorberei?

Braai dit oor die kole. Die s-klank in die woorde *sommer sonder seremonie*. (1)

12. Waarom sou die Italianers dit in 'n pastagereg gebruik?

Italianers is bekend vir hulle pasta en daarom is dit net logies dat hulle dit in 'n pastagereg sal gebruik. (2)

13. Skryf neer of die volgende stelling waar of onwaar is en motiveer: Die Grieke eet vars, gaar sardyne wat 'n paar uur in growwe sout gepak is met 'n bietjie ouzo.

Onwaar. Hulle eet dit rou. (1)

Totaal: 20 punte
(verwerk na 15 punte)

Aktiwiteit 20: Lees met begrip

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat is die funksie van die retoriese vraag in paragraaf 1?

Dit betrek die leser by die inhoud van die teks.

2. Watter enkele woord in paragraaf 1 dui daarop dat die voëlkenner wat die uitspraak maak, geloofwaardig is?

Gerekende.

3. Haal 'n woord uit paragraaf 3 aan wat dieselfde beteken as *kenner*.

Ekspert.

4. Hoeveel voëlspesies is hier in Suidelike Afrika al opgeteken? Watter tegniek het jy gebruik om hierdie antwoord te kry?

850 voëlspesies. Soeklees.

5. Verduidelik wat 'n *uitheemse indringervoël* (paragraaf 5) is.

Dit is 'n voël wat nie inheems is nie (dus van die buiteland af kom) en wat natuurlike voëlspesies verdring uit hul habitat.

6. Is die vraag in paragraaf 6 'n retoriese vraag? Motiveer.

Nee, die vraag word later in die teks beantwoord.

7. Waarom sal boere wewervoëls en rooivinke in hul graanlande duld? Motiveer.

Hulle rig net geringe skade aan en vergoed deur insekte te vang wat hulle aan hulle kleintjies voer.

8. Waarom kan voëls nie rigied in "skadelike" en "nuttige" klasse ingedeel word nie?

Baie van die sogenaamde "skadelike" voëls speel 'n belangrike rol in die ekologie.

9. In paragraaf 12 staan daar *onteiende wewerpaar*. Wat beteken hierdie woorde?

Hulle nes is by hulle afgevat. Hulle is dus van 'n blyplek onteien.

10. Hoe word die horingbekvoël beskryf? Verduidelik waarom hierdie as 'n emotiewe woord beskou kan word.

Die horingbekvoël word as 'n *koddige kalant* beskryf. Hierdie is 'n emotiewe woord, want daar word 'n bepaalde emosie (speelse trant) daaraan geheg.

11. Bestudeer paragraaf 14 en 15. Watter verskil is daar tussen dié twee paragrawe?

Dit is teenstellende paragrawe. Paragraaf 14 dui op parasitiese voëls terwyl paragraaf 15 van voëls vertel wat mekaar help.

12. Leerders bestudeer die roetekaart en beantwoord die vrae:

- 12.1 Beskryf die roete na die Numbi-hek van die Kruger Nasionale Park as jy vanaf Sabie daarheen wil ry.
Neem die R537 en ry in 'n oostelike rigting. By die Taansluiting moet jy links draai op die R538. Ry deur Witrivier. Anderkant Witrivier is daar 'n afdraai na regs na die Numbi-hek.
- 12.2 Watter hoofroete word op dié kaart aangedui? Waaruit lei jy af dat dit 'n hoofroete is?
Die N4 is die hoofroete na Mosambiek. Dit word groter uitgebeeld as die ander.

Aktiwiteit 21: Studie van die letterkunde: Roman

Aktiwiteit 22: Ooggetuieverslag [Formele assesseringstaak 3]

Aktiwiteit 23: Klankleer en geïntegreerde taalleer

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Verduidelik hoe ontronding die betekenis van die woord *huis* (paragraaf 1) sal verander deur 'n sin met die ontronde woord te maak.
As die woord *huis* ontrond uitgespreek word, verander die woord na *hys* wat beteken om iets wat swaar is met katrolle op te lig.
2. *Party van die gaste was ontsteld en personeel het probeer om die voëltjie te vang. Uiteindelik het die parkiet op die skouer van een van die mense gaan sit en iemand het die voëltjie gevang* (paragraaf 2).
Skryf uit bostaande sin 'n voorbeeld neer van:
 - 2.1 Vokaalreduksie
Party uitgespreek as *pirty*.
 - 2.2 Nasalering en vokalisering
Mense.
 - 2.3 Algehele assimilasië
Van die uitgespreek as *vannie*, op die uitgespreek as *oppie*
 - 2.4 Klankverspringing.
Probeer uitgespreek as *pirbeer*.
3. In paragraaf 1 is daar 'n woord wat verkeerd gespél is. Skryf hierdie woord korrek neer.
Huis toe.
4. Verklaar die gebruik van die komma in paragraaf 1.
'n Komma word tussen twee gesegdes geplaas.
5. Skryf die verkleining van die woord *kou* in paragraaf 2 neer.
Koutjie.
6. Verklaar die koppeltekengebruik in die volgende woorde:
 - 6.1 *Sagamihara-distrik* in paragraaf 2.
Eienaam gekoppel aan 'n soortnaam.
 - 6.2 die straatblok en -nommer (paragraaf 5)
Koppelteken as weglatingsteken.
 - 6.3 64-jarige vrou (paragraaf 5)
Samestelling met syfers en getalle.

7. Verduidelik die gebruik van die aandagstrepe in paragraaf 4.

Die aandagstrepe word voor en na die inlassin (parentese) gebruik.

8. Skryf onderstaande sin uit paragraaf 5 oor en onderstreep die infinitiewe werkwoorde wat daarin voorkom. *Al wat hulle moes doen was om by die 64-jarige vrou aan te klop om haar troeteldier aan haar terug te gee.*

Al wat hulle moes doen was om by die 64-jarige vrou aan te klop om haar troeteldier aan haar terug te gee.

9. Gebruik die homoniem van die woord *skouer* (paragraaf 2) in 'n verhelderende sin.

Die skouer van die pad is die deel van die pad waar die teer ophou.

Die skouer van die baadjie is opgestop.

10. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Dit was aanvanklik 'n (nie begin) taak om die voëltjie te vang.

Onbegonne.

Aktiwiteit 24: Woordeboekgebruik

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Slaan die betekenis van die volgende woorde in 'n verklarende woordeboek na en skryf die woord en sy betekenis in jou spellys neer.

1.1 Ornitoloog – **Voëlkundige.**

1.2 Igtioloog – **Viskundige.**

2. Slaan die volgende Engelse woorde in 'n tweetalige woordeboek na en skryf beide die Engelse en Afrikaanse woord in jou spellys neer.

2.1 Gregarious animal – **Kuddedier.**

2.2 Ostentatious – **Ydel, aanstellerig.**

3. Slaan die volgende idiome in 'n idioomwoordeboek na en skryf die betekenis van die idiome neer.

3.1 Knolle vir sitroene verkoop.

Iemand bedrieg.

3.2 Mossie maar man.

Hy is klein, maar dapper en slim.

Week 7 en 8

Musiek is die polsslag van die lewe

Aktiwiteit 25: Onvoorbereide toespraak [Formele assesseringstaak 4a]

Aktiwiteit 26: Visuele tekste

Vrae en voorgestelde antwoorde

Leerdere bestudeer die **visuele uitbeelding** op bladsy 46 noukeurig en beantwoord die vrae:

1. Die eerste prent beeld die hele hip-hop-musiekstyl uit. Lei uit die prent af waar hierdie musiekstyl orals aangetref word. Skryf ook neer waaruit jy die afleiding gemaak het.
Daar is wolkekrabbers wat die stede voorstel, maar daar is ook huise wat dui dat dit in plattelandse gemeenskappe voorkom.
 2. Die woorde “My woorde is geanker as ek dit met my stem tokkel” is van toepassing. Met watter paragraaf in die teks hou hierdie woorde direk verband?
Paragraaf 4 waar Simon Witbooi se lied se woorde weergegee word.
 3. Wat word deur die plate in die skets uitgebeeld?
Die plate word gebruik om die krappeluid te maak wat so eie aan hip-hop is.
 4. Is daar bekende persoonlikhede wat in die skets uitgebeeld word?
Ja, daar is bekendes soos Jack Parow en Yolandi Vi\$\$er.
 5. Wat beeld die spuitkannetjie verf op die voorgrond uit?
Dit verwys na die graffitikunstenars wat prente en slagspreuke op mure verf.
 6. Watter bekende landmerk (standbeeld) boots die MC Cole-karakter na?
Hy boots die *Statue of Liberty* wat in New York is, na. Hierdie standbeeld is opgerig om demokrasie en vryheid te gedenk.
- Leerdere bestudeer die meegaande **teks** en beantwoord dié vrae:
7. Wat beteken dit as Hip-hop in Afrikaans skop het (subtitel)?
Dit beteken dat dit kragtig is, het ’n invloed.
 8. Wat is ’n Afrikaanse woord vir ’n *rapper*? Is dit ’n gepaste woord?
Rymkletser is ’n gepaste Afrikaanse woord vir *rapper* omdat dit klankryk en beskrywend is.
 9. Watter funksie verrig die woorde wat telkens in paragraaf 1 tussen hakies geplaas word?
Dit dien as verduideliking vir diegene wat nie die hip-hop terme ken nie.
 10. Die fragment “die ouens wat die stories vertel van lief en leed en lyding” (paragraaf 1) het betrekking.
 - 10.1 Watter stylmiddel word gebruik om dit waaroor kletsrymers se stories handel uitgebreid weer te gee?
Voegwoordherhaling van lief en leed en lyding
 - 10.2 Hoe word klankrykheid hieraan gegee?
Deur die herhaling van die l-klank.
 11. Skryf ’n woord uit paragraaf 2 neer wat dieselfde beteken as ...
 - 11.1 baanbrekers

Pioniers.

11.2 eiesoortig.

Unieke.

12. Bestudeer Simon Witbooi se rymkletwerk in paragraaf 4.

12.1 Verduidelik waarom die gebruik van die woorde *stem tokkel* vreemd is.

'n Mens tokkel 'n kitaar, nie 'n stem nie.

12.2 Skryf reël 4.2 oor en voeg die korrekte leestekens by.

Dit kan nie wankel, want ek skryf dit met 'n penwortel.

12.3 Wat beteken dit as 'n mens jou hart op jou mou dra (reël 4.3)?

Dit is iemand wat sy emosies wys, hy sê en wys wat in sy hart aangaan.

12.4 Skryf die twee woorde wat kontrasteer in reël 4.4 neer.

Yslik en hitte.

12.5 Watter dubbele betekenis kan daar aan die woord *yslik* (reël 4.4) geheg word?

Dit kan groot beteken, maar dit kan ook koud beteken.


Aktiwiteit 27: Studie van die letterkunde: Gedigte

Aktiwiteit 28: Brief aan die pers

Aktiwiteit 29: My eie spellys

Hiermee word daar musiek gemaak ...

Gebruik die musiekinstrumente as leidraad om die volgende blokraaisel te voltooi:



Aktiwiteit 30: Taalleeroefening: *Die duiwel se ribbes*

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Haal woorde uit die teks aan wat dieselfde beteken as ...
duiwels – **Diabolies (paragraaf 2)**
in bedwang bring of in toom hou – **Beteuel (paragraaf 7)**
- Skryf die wisselvorm van kitaar (paragraaf 1) neer.
Ghitaar.
- Skryf die woord *definitief* (paragraaf 2) oor en onderstreep die lettergreep wat die hoofklem dra.
Definitief.
- Haal 'n woord uit paragraaf 3 aan waarin daar vokaalreduksie kan voorkom en dui aan hoe dit die woord se uitspraak beïnvloed.
Vandag uitgespreek as v̇indag.
- Die woord *skepping* kom in paragraaf 4 voor. Gee die korrekte vorm van hierdie woord in die volgende sin: Hy is tevrede hoe hy (geskep) is. **Geskape.**
- Bestudeer paragraaf 4 noukeurig. Watter twee woorde in hierdie paragraaf beteken min of meer dieselfde?
Die woorde diversiteit en verskillende beteken min of meer dieselfde.
- Skryf neer of die volgende woorde samestellings, afleidings of samestellende afleidings is:
7.1 uiteenlopend (paragraaf 5) – **Samestellende afleiding.**
7.2 Polisiekar (paragraaf 6) – **Samestelling.**
7.3 Elektrisiteit (paragraaf 11) – **Afleiding.**
- Die woord *bespeel* (paragraaf 6) is gevorm deur 'n voorvoegsel aan die woord *speel* te sit. Gebruik 'n ander voorvoegsel om 'n woord te vorm sodat dit in die volgende sin se konteks pas: Hy het sy kanse (speel).
Verspeel.
- Skryf die verkleining van die woord *konings* (paragraaf 7) neer.
Koninkies.
- Skryf neer of die volgende woorde 'n kompleks of 'n simpleks is:
10.1 strelende (paragraaf 7) **Kompleks (stam plus 'n agtervoegsel).**
10.2 instrument (paragraaf 10) **Simpleks (slegs die stam sonder voegsels).**
- Die woord *klassieke* kom in paragraaf 8 voor. Onderskei deur goeie sinne die verskil tussen *klassiek* en *klassikaal*.
Enige goeie sinne met dié woorde sodat die betekenis duidelik daaruit blyk:
Hy hou van klassieke musiek en bespeel die klassieke kitaar.
Die lermoene word klassikaal (in klasse) verpak.
- Die woord *klankversterker* (paragraaf 12) het betrekking. Ontleed hierdie woord morfologies deur die basisse en morfeme aan te dui.
klank + sterk = basisse
ver- = voorvoegsel
-er = agtervoegsel

13. Gebruik die kern van die woord *kamerkonserte* (paragraaf 9) as 'n bepaler in 'n ander samestelling.

Enige samestelling met die woord *konsert* as bepaler: konsertpianiste, konsertprogram, ens.

14. Skryf die grondwoord waaruit die woord *verborge* (paragraaf 10) deur klinkerwisseling afgelei is, neer.

Berg.

15. In paragraaf 11 staan daar *dis hier waar die pap dik word*. Skryf dié uitdrukking korrek neer en gee die verklaring daarvan.

Om die pap te dik aan te maak. Om te oordryf, oorvriendelik te wees, te danig met mekaar te wees.

16. Benoem en verduidelik die beeldspraak in die woorde *met al sy skerp tande in sy bek* (paragraaf 14).

Metafoor. Die elektriese kitaar se skerp klanke word met skerp tande in verband gebring.

Week 9 en 10

Musiek in ons ore

Aktiwiteit 31: Voorbereide toespraak [Formele assesseringstaak 4b]

Aktiwiteit 32: Daar sit baie in 'n naam

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat is dié groep se naam? Wat suggereer die groep se naam?

Joos Tonteldoos en die Dwarstrekkeers. Dit suggereer dat hulle dwarstrekkeers (eiesoortig/anders/alternatief) is.

2. Wouter Wolkekrabber en Sampie Snaarbaarbaars is twee van die lede van die groep. Wat kan uit dié name afgelei word? Wat dra by tot die klankrykheid van dié name?

Wouter Wolkekrabber is moontlik lank. En Sampie Snaarbaarbaars is 'n ekspressiewe (woeste) kitaarspeler.

Alliterasie dra by tot die klankrykheid van dié name.

3. Ook hulle "plaat" se naam is beskrywend. Watter suggestie lê hierin opgesluit? Verduidelik.

Hulle plaat se naam is *Vulkaan*. Dit suggereer dat hulle musiek plofbaar is en 'n uitbarsting kan veroorsaak.

4. Om watter rede dink jy gebruik sommige sangers verhoogname wat anders is as hulle geboortename?

Leerders kan hieroor gesels: hulle wil moontlik hulle privaatheid beskerm, hulle geboortename is dalk doodgewoon, hulle wil iets unieks/nuut skep.

5. Kan jy aan ander sangers dink wat verhoogname het?

Elvis Blue – Jan Hoogendyk

Valiant Swart – Pierre Nolte

Koos Kombuis – André le Roux du Toit

Johannes Kerkorrel – Ralph Rabie

Dozi – Henk Opperman

Bok van Blerk – Louis Pepler

Snotkop – Francois Henning

Jan Blohm – Jurie Kymdell

Aktiwiteit 33: Maak 'n opsomming

Voorgestelde antwoord

Die opsomming moet die volgende kerngedagtes bevat:

Vir Simon Witbooi is hip-hop eintlik net om jou *self* op die eerlikste en opregste manier moontlik uit te druk in enige van die 5 vorme.

Hy skryf en lewer opregte kommentaar oor 'n wye verskeidenheid aspekte soos sosiale ewels, geestelike sienings en humor.

Hy dink Afrikaans is 'n vol taal met metafore, idiomatiese uitdrukkings en diverse klanke. Al lig puriste die wenkbroue, glo hy dat hy daarin geslaag het om 'n boodskap oor te dra ongeag die reëls.

Hy put satisfaksie uit sy optredes en hoop dat die skares gaan nadink oor wat hy kwytgeraak het.

Hy glo dat hip-hop die belangrikste kunsvorm van ons tyd is en in byna elke film, advertensie of lied voorkom. Hip-hop is universeel en bring verskillende rassegroepe, gelowe en menings bymekaar.

Leer 'n hip-hopper ken

Vir Simon Witbooi is hip-hop om jousef eerlik uit te druk in enige van die 5 vorme. Hy lewer kommentaar oor sosiale euwels, geestelike sienings en humor. Vir hom is Afrikaans 'n taal met metafore, idiomatiese uitdrukkings en klanke. Hy glo dat hy 'n boodskap het om oor te dra. Hy put satisfaksie uit optredes en hoop dat die skares daarvoor gaan nadink. Hip-hop is 'n belangrike kunsvorm wat voorkom in byna elke film, advertensie of lied. Hiphop is universeel en bring verskillende rassegroepe, gelowe en menings bymekaar.

Aantal woorde: 88

Aktiwiteit 34: Studie van die letterkunde: Roman

Aktiwiteit 35: Skryf 'n opstel

Aktiwiteit 36: Taalverskynsels: *Stilte asseblief*

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Die woord *geklap* (paragraaf 1) is 'n voorbeeld van klanknabootsing.
 - Haal twee voorbeelde aan waar klanknabootsing deur die herhaling van klanke bewerkstellig word.

In die woorde *geruk* en *skud* (die u-klank) en *grassnyer se gegil* (die g-klank maar ook die i-klank) word die klanknabootsing deur klankherhaling bewerkstellig. (2)
 - Haal ten minste nóg ses voorbeelde van klanknabootsing aan.

Die volgende is almal voorbeelde van klanknabootsing: daverendegeraasoorlading (paragraaf 1), geraas (paragraaf 2), skril (paragraaf 2), babbelende (paragraaf 3), geblaf (paragraaf 3), gekoer (paragraaf 6), gekabbel (paragraaf 6). (6 x 1/2) (3)
 - Waarom is klanknabootsing so baie gebruik? Motiveer.

Die teks handel oor geraasbesoedeling en dit ondersteun dus die inhoud. (1)
- Verduidelik die verskil tussen *ly* (paragraaf 2) en *lei* deur goeie kort sinnetjies daarvan te maak.

Hy ly aan 'n siekte. (1)
As goeie leier lei hy sy volk na vryheid. (1)
- Uit watter twee woorde is die woord *skokwekkend* (paragraaf 3) saamgestel? Benoem ook die taalverskynsel.

Dit is saamgestel uit *skokkend* en *skrikwekkend*. (2)
Dit is kontaminasie. (1)
- Skryf die wisselvorm van die woord *skree* (paragraaf 3) neer.

Skreeu. (1)
- Haal twee voorbeelde van toutologie uit paragraaf 3 aan.

Kinders, kweekgras en brakhond. Enige twee. (2)
- Die woord *kinders* in paragraaf 3 is van toepassing.
 - Benoem die klankverskynsel wat in hierdie woord voorkom.

- Assimilasie, algeheel.** (1)
- 6.2 Benoem die taalverskynsel wat in hierdie woord voorkom en verduidelik.
- Toutologie. Die woord *kinders* is 'n dubbele meervoud:**
kind + e + rs. (2)
7. Benoem die taalverskynsels in die volgende woorde:
- 7.1 baiesukkel (paragraaf 5) – **Volksetimologie.** (1)
- 7.2 klippers (paragraaf 6) – **Toutologie.** (1)
- 7.3 gekoer (paragraaf 6) – **Klanknabootsing.** (1)
- 7.4 te voet loop (paragraaf 6) – **Pleonasme.** (1)
8. Maak drie sinne met die woord *lui* (paragraaf 3) om telkens 'n ander betekenis van dié woord aan te dui.
- Die vrou is lui, sy lê net heeldag voor die televisie.** (1)
- Die klok lui hard om die einde van die dag aan te kondig.** (1)
- Die gesegde lui: ledigheid is die duiwel se oorkussing.** (1)
9. Benoem die taalverskynsel wat voorkom in die woord *binnegou* (paragraaf 4) en verduidelik hoe dié woord tot stand gekom het.
- Kontaminasie (1) van die woorde *binnekort* en *gou*.** (2)
10. Die woorde *varkies verloor* in paragraaf 4 is van toepassing. Skryf die korrekte idiom hiervoor neer en gee die verklaring daarvan.
- Hy het nie al sy varkies op hok nie.** (1)
- Hy is bietjie gek.** (1)
11. Daar is woordoortolligheid (pleonasme) in paragraaf 5. Dui dit aan en verduidelik waarom dié woorde as oortollig beskou kan word.
- Die woorde *gebiedend* en *noodsaaklik* beteken dieselfde, dus is dit woordoortolligheid.** (2)
12. Benoem die taalverskynsel wat voorkom in die woord *mandjietjie* (paragraaf 6) en verduidelik waarom dit as 'n stapelvorm beskou kan word.
- Toutologie.** (1)
- Dit is die stapeling van die verkleiningsvorm.** (1)
13. Die woord *vel* kom in paragraaf 6 voor. Kies die korrekte homofoon (*vel/fel*) in die volgende sinne.
- 13.1 Die regter (**vel/fel**) die vonnis nadat hy die getuienis aangehoor het. (1)
- 13.2 Die son brand (**vel/fel**) en 'n mens behoort 'n hoed en 'n sonbril te dra om die skerp strale te keer. (1)
- 13.3 Die uitheemse boom word (**gevel/gefel**), want 'n inheemse een gaan in sy plek geplant word. (1)
14. Benoem die taalverskynsel in die woord *tortelduif* (paragraaf 6).
- Toutologie.** (1)
15. Haal 'n verouderde vorm (argaïsme) uit paragraaf 7 aan.
- Die woorde *steen des aanstoets* is 'n verouderde vorm.** (1)
16. Bestudeer paragraaf 7 noukeurig.

- 16.1 Daar is woordoortolligheid (pleonasme) in dié paragraaf. Haal aan en verduidelik.
Die woord *self* in die woorde *ek bekommer myself* is oortollig. Dit moet net wees: *ek bekommer my* (nie *myself* nie). (2)
- 16.2 Verduidelik waarom die woord *laterhand* as kontaminasie beskou kan word.
Dit is kontaminasie van die woorde *later* en *naderhand*. (2)
17. Gee die intensiewe vorm van die woord *nodig* (paragraaf 8) in die volgende sin: Ek het stilte (nodig).
Broodnodig. (1)
18. Die woord *selfoon* kan as 'n nuutskepping beskou word. Gee nou enige twee ander woorde wat as neologismes beskou kan word.
Leerders gee enige twee voorbeelde: laserstraal, digitale taster, kletterpet, ensovoorts. (2)
- [45]

Aktiwiteit 37: Geïntegreerde lees-, kyk- en taalleeroefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hoe sluit die illustrasie by die teks aan?
Die vier lede (sanger, tromspeler, baskitaarspeler en kitaarspeler) wat in die teks beskryf word, word uitgebeeld.
2. Bestudeer die titel van die teks.
- 2.1 Wat is die denotasie (woordeboekbetekenis) van die woord *paranoia*?
Grootheidswaan of vervolgingswaan.
- 2.2 Waarom *op die platteland*?
Musiekgroepe deurkruis gewoonlik die platteland om daar op te tree en hulle albums bekend te stel aan die publiek.
3. Die woord *feit* kom in paragraaf 2 voor. Gebruik nou die homofoon van hierdie woord in 'n goeie sin.
Enige sin met die woord *fyt*: Hy het 'n fyf aan sy vinger en dié is baie seer.
4. Skryf die afkorting van die woord *televisie* (paragraaf 2) neer.
TV (Moet albei hoofletters wees.)
5. Die skrywer maak die stelling dat musikante nie na sepies kyk nie. Watter twee redes voer hy aan?
Musikante is saans, wanneer sepies vertoon word, besig met klanktoetse. Daar speel net soveel drama in 'n musiekgroep af as wat daar in 'n sepie afspeel.
6. Waarom word die woord *daartoe* (paragraaf 2) vas geskryf maar die woorde *vertoning toe* los? Skryf die reël neer.
'n Bywoord plus toe = vas (dui rigting aan) en 'n selfstandige naamwoord (vertoning) plus toe = los.
7. Die woorde *jaloesie*, *hebsug*, *losbandigheid* en *hoogmoed* kom almal in paragraaf 4 voor. Tot watter woordsoort-groep behoort al hierdie woorde?
Almal is abstrakte selfstandige naamwoorde.
8. "En dan is daar nie eens onderskrifte om misverstande te voorkom nie" (paragraaf 5).

8.1 Waarna verwys die *onderskrifte*?

Na die Engelse onderskrifte by Afrikaanse sepies sodat anderstaliges dit ook kan volg.

8.2 Watter suggestie lê hierin opgesluit?

Dit suggereer dat daar baie misverstande in 'n *rockband* (musiekgroep) voorkom.

9. Noem twee eienskappe van 'n kunstenaar wat aanleiding gee tot paranoia.

Sy kreatiewe verbeelding en die kunstenaar se sensitiwiteit.

10. Haal 'n woord uit paragraaf 7 aan waarin daar vokaalreduksie kan voorkom by die uitspraak van die woord?

Baklei uitgespreek as biklei.

11. Bestudeer paragraaf 7 noukeurig. Waarom is die vergelyking ironies treffend?

Die vergelyking is treffend, want musikante wat saam toer word vergelyk met pit bull terriërs wat saam in 'n telefoonhokkie gegooi word. Dit is ironies dat die honde LSD gebruik, want musiekgroepe word gewoonlik van dwelmmisbruik beskuldig. Honde gebruik tog nie dwelms nie.

12. Die woord *meeste* kom in paragraaf 9 voor. Skryf die stellende en die vergrotende trap van hierdie woord neer.

Baie, meer

13. "Gelukkig is hierdie ouens meesal baie koelkop en gewoonlik die vredemakers in die band met lonte net so dik soos daardie snare van hul kitare." (paragraaf 12).

13.1 Na wie verwys hierdie paragraaf?

Na die tromspelers in 'n musiekgroep.

13.2 Wat word gesuggereer met "lonte so dik soos daardie snare"?

Hulle word nie maklik kwaad nie. Verwys na die uitdrukking sy lont is kort vir iemand wat gou kwaad word.

13.3 Waarna verwys "daardie snare van hulle kitare"?

Dit verwys na die (gewoonlik) vier baskitaarsnare wat baie dik is.

14. Wat is die verskil tussen 'n sielkundige (paragraaf 13) en 'n psigiater?

'n Sielkundige behandel 'n pasiënt sielkundig. 'n Psigiater is 'n mediese dokter wat in psigiatrie spesialiseer.

15. Wat beteken die uitdrukking *vir wie hy ooghare het* (paragraaf 14)?

Van wie hy hou of wie hy kan verdra.

16. Gee die meervoude van die volgende woorde uit die teks en skryf die reël wat hier geld, neer.

16.1 kombi (paragraaf 9) – **kombi's**

16.2 solo (paragraaf 14) – **solo's**

Selfstandige naamwoorde wat eindig met 'n i, o u en 'n beklemtoonde a kry 'n afkappingsteken in die meervoud.

17. Die meervoud van die woord *musikant* (paragraaf 10) is musikante. Skryf nou 'n ander meervoud vir hierdie woord neer.

Musici.

18. Die woord *melodie* kom in paragraaf 12 voor. Gee die korrekte vorm van hierdie woord in die volgende sin. Die (melodie) liedjie bekoor almal.

Melodieuse.

19. Skryf die wisselvorm van die woord *kitaar* (paragraaf 13) neer.

Ghitaar.

20. Bestudeer paragraaf 17 noukeurig. Wat suggereer die woorde *frontman* en *charismatiese nagtegaal* van die sanger?

***Frontman* suggereer dat die sanger heel waarskynlik die leier van die groep is.**

***Charismaties* verwys na sy besondere persoonlikheid wat populariteit verwek.**

***Nagtegaal* verwys na die sanger se besondere stem. Dit kom van die uitdrukking *sing soos 'n nagtegaal*.**

Aktiwiteit 38: Toets [Formele assesseringstaak 5]

Kwartaal 2

Week 11 en 12

Het jy geweet?

Aktiwiteit 39: Skryf 'n dialoog

Aktiwiteit 40: Dramatiseer 'n dialoog

Aktiwiteit 41: Lees met begrip

Vrae en voorgestelde antwoorde

Opdrag 1

1. Bestudeer die subtitel van die teks. Skryf in jou eie woorde neer wat die skrywer se opinie oor Kameroen was tydens sy eerste besoek in 1990.

Die skrywer was onkundig en het slegs geweet Kameroen beskik oor 'n tropiese klimaat

2. Lees nou die laaste paragraaf en skryf neer tot watter gevolgtrekking die skrywer na sy tweede besoek gekom het.

Die skrywer besef nou dat Kameroen ook super ryk inwoners het.

3. Hoe word dit in paragraaf 1 uitgehef dat die skrywer en sy reisgenoot uitgesien het daarna om Kameroen te besoek?

Die gebruik van die woord *opgewonde* wat voorgeplaas is in die teks hef die reisigers se blydschap uit.

4. *By doeane word ons eenkant geneem en verduidelik dat die bedrag van die visums wat ons in Suid-Afrika bekom het, sedertdien verdubbel het. Saam drentel ons onseker na 'n kantoortjie waar geld hande verwissel.*

Bestudeer die bostaande aanhaling en skryf in jou eie woorde neer wat jou mening is oor wat hier plaasgevind het. Motiveer jou antwoord.

Leerders verskaf hulle eie opinies. Moontlik was hierdie 'n onwettige transaksie, want die beampte het nie 'n kwitansie verskaf nie.

5. Skryf 'n woord uit paragraaf 1 neer wat beteken om stadig en sonder entoesiasme te stap.
drentel.

6. Skryf die vergelyking wat in paragraaf 2 voorkom neer en sê of dit 'n gepaste vergelyking is al dan nie.

... slaan die tropiese hitte 'n mens soos 'n warm stoomyster in die gesig. Dit is 'n gepaste vergelyking, want die hitte in die stad word vergelyk met die hitte van 'n stoomstrykyster.

7. Watter beeldspraak word aangetref as daar in paragraaf 2 na Kameroen as *kieliebak van Afrika* verwys word? Verduidelik die beeldspraak in jou eie woorde.

Metafoor. Kameroen word metafories gelykgestel aan 'n mens se kieliebak, want dit is die plek op 'n mens se liggaam waar jy warm en sweterig is.

8. Word die woorde *my tong knoop* (paragraaf 3) konnotatief of denotatief gebruik? Motiveer jou antwoord.

Die woorde word konnotatief gebruik. Die spreker se tong knoop nie letterlik nie, hy sukkel net om die Franse woorde uit te spreek.

9. Bestudeer die woord *bienvenue* in paragraaf 3. Wat dink jy is die betekenis van hierdie woord? (*Wenk*: Die woord kom ook elders in die teks voor.)

***Bienvenue* is 'n woord van verwelkoming.**

10. Wanneer die skrywer in paragraaf 3 dink dat die aand lank gaan raak, bedoel hy dit in 'n positiewe of negatiewe sin? Verduidelik jou antwoord volledig.

Die skrywer se woorde word negatief bedoel, want hulle sukkel om met die gasheer te kommunikeer omdat hulle nie vlot Frans kan praat nie.

11. Hoe word die kommunikasieprobleem uitgehef? Noem twee tegnieke wat die skrywer gebruik.

Die woord *worstel* en die agterplasing van die kort sin *Dit sukkel*, beklemtoon die kommunikasieprobleem wat daar heers.

12. Skryf die werklike rede waarom die reisigers Kameroen besoek het, neer.

Hulle het Kameroen besoek om politieke en ekonomiese samesprekings met die direkteur van Kameroen se nasionale olie-en brandstofmaatskappy (SCDP) te voer.

13. ...*die reuk van die kos laat my maag draai* (paragraaf 5). Wat dink jy is die rede waarom die reuk van die kos die skrywer se maag laat draai het?

Die vreemde reuke en geure van die kos het die skrywer se maag laat draai.

14. Wat suggereer die skrywer as hy in paragraaf 6 sê dat hy sy motor se paaient slukkie vir slukkie wegsluk?

Die glasië drank wat hy drink se prys word gelykgestel aan die paaient wat hy maandeliks op sy motor betaal. Hy suggereer dus dat die drank baie duur is.

15. Waarom word die woord "*feesmaal*" in paragraaf 7 tussen aanhalingstekens geskryf?

Die woord feesmaal word buite konteks gebruik, want die ete was vir die reisigers alles behalwe 'n feesmaal. Hulle het die kos vreemd en grillerig gevind.

Opdrag 2

16. Bestudeer die bostaande strokie en beantwoord die volgende vrae:

16.1 Wat is die betekenis van *etimoloog*?

Persoon wat die herkoms van woorde bestudeer.

16.2 Gee die betekenis van die woorde *entomoloog* en *etnoloog*.

'n Entomoloog is 'n insekkundige en 'n etnoloog is 'n volkekenner.

16.3 Waarom het die ma haar ore toegedruk?

Sy het gedink dat die seuntjie 'n vreeslike woord (vloekwoord) by die skool geleer het.

Aktiwiteit 42: Studie van die letterkunde: Roman

Aktiwiteit 43: Betekenisleer en geïntegreerde taalleer

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Gee 'n sinoniem vir die volgende woorde:

1.1 wonderbaarlik (subtitel) – **Buitengewoon, ongelooflik, ensovoorts**

1.2 babas (subtitel) – **Suigelinge**

1.3 leeftyd (teks 2) – **Lewensjare**

1.4 genoeg (teks 2) – **Voldoende**

1.5 kuur (teks 3) – **Geneeswyse**

2. Skryf 'n woord uit teks 2 neer wat beteken *enig in sy soort*.

Uniek.

3. In teks 1 word die woord *spoor* as 'n selfstandige naamwoord gebruik. Gebruik nou die woord *spoor* as 'n werkwoord in 'n verhelderende sin.

Die ruiterspoor die perd aan om vinniger te galop.

4. Wat beteken die uitdrukking *om blad te skud* (teks 1)?

Om iemand met die hand te groet.

5. Skryf die antoniem van die woord *sowat* (teks 2) neer.

Presies.

6. Gebruik die homofoon van die woord *maar* (teks 2) in 'n sin sodat die betekenis duidelik na vore kom.

Die meisie is baie maer en moet beslis nie op 'n dieet gaan nie.

7. Hoe sal die betekenis van die woord *vuil* verander as dit ontrond uitgespreek word. Maak 'n sin wat die betekenis van die ontronde woord sal weerspieël.

Veil. Die afslaer veil die goedere by die veiling op.

Die patriot het sy lewe veil vir sy land.

8. Die woord *vel* (teks 1) is van toepassing. Gebruik die homoniem en homofoon van die woord *vel* in verhelderende sinne sodat die verskil in betekenis duidelik na vore kom.

Die son brand fel. (homofoon)

Die bosbouer vel die boom met een byslag grond toe. (homoniem)

9. ...*sowat 15 655 l* (teks 2)

9.1 Skryf die getal 15 655 in woorde.

Vyftien duisend seshonderd vyf en vyftig.

9.2 Waarvoor staan die afkorting *l*?

Liter.

10. Hoe sal die woord *byt* (teks 6) verander as dit oorrond uitgespreek word? Maak 'n sin met die oorrunde woord sodat dié woord se betekenis duidelik na vore kom.

Buit. Die inbrekers het die buit onder mekaar verdeel.

11. Die woord *vroeër* in teks 6 word met 'n deelteken geskryf om 'n nuwe lettergreep aan te dui. Skryf die volgende woorde oor en voorsien van deelttekens indien nodig:

kopieer, bedrieer, posseel, pasient

kopieër, bedrieër, posseël, pasiënt.

Aktiwiteit 44: Idiome en idiomatiese benaminge

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die illustrasies wat idiome uitbeeld en skryf die idioom en sy betekenis neer.

- **Die kat die bel aanbind. 'n Moeilike taak aanpak.**
- **Iets aan die groot klok hang. Iets oral rond vertel.**

2. Slaan die betekenis van die volgende woorde na en skryf dit neer.

2.1 Pa het my dadels gegee.

Pa het my pak gegee.

2.2 Op droë grond vis.

Tevergeefs probeer om iets uit te vind.

2.3 Hy tap graag 'n ui.

Hy vertel graag 'n grap.

2.4 Jou knieë dra.

Vinnig weghardloop.

2.5 Hy dra water na die see.

Hy doen iets onnodig.

3. Bestudeer die spotprent.

3.1 Wat is die betekenis van die idioom *'n uiltjie knip*

Om 'n vinnige slapie te neem.

3.2 Word die idioom letterlik of figuurlik in die spotprent uitgebeeld?

Letterlik, want die man wil werklik die uiltjie met 'n skêr knip.

4. Skryf die Idiomatiese benaminge neer vir:

4.1 'n Strydlustige vrou.

Amasone.

4.2 Iemand wat nie kant kies nie.

Draadsitter.

4.3 Iemand wat 'n saak vertraag.

Remskoel.

4.4 'n Persoon wat 'n saak tot die uiterste voer.

'n Vuurvreter.

4.5 'n Ervare ou man.

'n Ringkop.

Aktiwiteit 45: My eie spellys

Week 13 en 14

Op die jagveld

Aktiwiteit 46: Groepbespreking

Aktiwiteit 47: Opsomming

Voorgestelde memorandum

Wenke vir geweer-veiligheid.

Kyk altyd self of 'n wapen gelaai is voordat jy dit van iemand ontvang of dit vir iemand gee. Maak in alle omstandighede doodseker dat jou wapen nie gelaai is nie. Maak dubbel seker dat jy jou teiken reg geïdentifiseer het, sodat jy jou nie misgis en iets anders doodskiet nie. Maak seker jy weet wat agter jou teiken is, want as jy mis skiet kan jy in die proses iets anders doodskiet. Moenie na 'n harde oppervlak skiet nie; die opslagkoeël kan moontlik in 'n rigting gaan en iets tref. (81 woorde)

Aktiwiteit 48: Studie van die letterkunde: Roman [Formele assesseringstaak 6]

Aktiwiteit 49: Skryf 'n opstel

Aktiwiteit 50: Woordsoorte

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Gebruik die uitdrukking *hy kon slange vang* (paragraaf 1) figuurlik in 'n sin.
Die man was so kwaad toe die vragmotor reg voor hom inswaai dat hy kon slange vang.
2. Skryf die verkleining van die woord *luislang* (paragraaf 2) en krokodil (paragraaf 8) neer.
Luislangetjie en krokodilletjie.
3. Tot watter woordsoorte behoort die onderstaande woorde (geneem uit paragraaf 3)? Benoem volledig.
 - 3.1 opwinding – **Selfstandige naamwoord – abstrak**
 - 3.2 lange – **Byvoeglike naamwoord – attributief**
 - 3.3 Phabeni-hek – **Selfstandige naamwoord – eienaam**
 - 3.4 was – **Koppelwerkwoord**
 - 3.5 hulle – **Voornaamwoord – persoonlik**
4. Die slang is aangeval deur die luiperdmannetjie, of was dit 'n -wyfie? Dui die verskillende geslagsvorme aan van:
 - 4.1 seekoei. – **Seekoeikoei en seekoeibul**
 - 4.2 rooibok – **Rooibokkooi en rooibokram**
 - 4.3 koedoe – **Koedoekoei en koedoebul**
 - 4.4 wildehond – **Teef en reun**
5. Skryf die meervoudsvorm van die woord *sloot* (paragraaf 3) neer.
Slote.
6. Die luiperd het reguit op die slang afgestorm. Die woord *pylreguit* is die intensiewe vorm van *reguit*. Skryf die intensiewe vorme neer vir die volgende woorde:

6.1 af – **Morsaf**

6.2 breed – **Hemelsbreed**

6.3 graag – **Dolgraag**

6.4 sterk – **Ystersterk**

7. Skryf die trappe van vergelyking neer van die woord *lank* (paragraaf 4) en *erg* (paragraaf 5).

Lank, langer, die langste.

Erg, erger, die ergste.

8. 'n *Luiperd* is 'n baie *opportunistiese jagter* (paragraaf 7). Skryf in jou eie woorde wat die byvoeglike naamwoord *opportunistiese* beteken.

'n Luiperd sal op enige iets jag maak as dit tot sy voordeel kan wees.

9. Skryf uit paragraaf 5 'n voorbeeld van 'n infinitiewe werkwoord neer.

Om in te seil.

10. Die luiperd vang gewoonlik klein bakkies. Word die werkwoord *vang* in hierdie sin oorganklik of onoorganklik gebruik?

Oorganklik.

Aktiwiteit 51: My eie spellys

Week 15 en 16

'n Bok vir sports!

Aktiwiteit 52: Informele gesprekvoering

Aktiwiteit 53: Visuele geletterdheid: Ekspo 18

Vrae en voorgestelde antwoorde

Bestudeer die **visuele prent in die geheel**.

1. Die pa is duidelik rugbymal. Watter span ondersteun hy? Waaruit het jy dié afleiding gemaak
Springbokke. Hy het 'n Springboktrui aan en die portret teen die muur is die Springbokrugbyspan.

2. Die horings teen die muur kan 'n tweeledige betekenis hê. Waarop kan dit alles dui?
Dit is springbokhorings (wat op rugby dui) of dit is horings van 'n springbok wat hy geskiet het (wat op jag dui).

3. Dié man is duidelik 'n man wat lief is vir jag. Waaruit kan jy hierdie afleiding maak? Noem twee.

Die horings teen die muur, die vel oor die sitplek en die koffiebeker wat 'n diervelmotief op het.

4. Waarna is die bulhond wat net sit, 'n simboliese verwysing?

Dit is 'n verwysing na die passiewe toeskouers wat op die pawiljoen hierdie sport beoefen.

5. Watter afleiding kan jy maak uit die trofee wat op die tafeltjie staan?

Die pa was moontlik self 'n kranige rugbyspeler.

6. Beskryf die man se gesigsuitdrukking in één enkele woord.

Enige beskrywing in één woord: verbaas, woedend, ensovoort.

Bestudeer die **geskrewe gedeeltes** van die advertensie.

7. Let op die jongman se woorde wat hy aan sy pa gesê het. Waaruit kan jy aflei dat hy gehuiwer het voordat hy gesê het dat hy 'n gholfer is?

Die ellips dui aan dat hy vir 'n oomblik gehuiwer het.

8. Wat dink jy het die man vir sy seun hierop geantwoord?

Leerders skryf hulle eie antwoorde hier neer.

9. Watter woord in die geskrewe gedeelte sluit direk daarby wat uitgebeeld word, aan?

Die woord *verstaan* sluit direk hierby aan. Sy pa verstaan nie sy keuse nie, maar by die Gholf-ekspo verstaan hulle dit heeltemal.

10. Hoe word die woorde *grootste gholf-ekspo in Afrika* uitgehef?

Dit is vetgedruk.

11. Gee 'n ander woord vir *ekspo*.

Uitstalling.

12. Dink jy hierdie was 'n treffende advertensie? Motiveer jou antwoord.

Leerders gee hulle eie antwoorde. Dit moet net goed gemotiveer word.

Ja, want die prent beeld treffend uit dat die pa rugbymal is en dit beklemtoon die kontras tussen pa en seun. ('n Antwoord van slegs *ja* of *nee* is nie korrek nie, daar moet 'n motivering by wees.)

Aktiwiteit 54: Dis alles in 'n strokie

Vrae en voorgestelde antwoorde

Strokies 1

1. Verduidelik die denotasie en konnotasie wat in hierdie strokie ter sprake is.

Die denotasie is dat hy letterlike (fisies) dieper in die grond instaan. Die afrigter het eintlik bedoel dat hulle dieper in die veld in moet staan (konnotasie).

2. Waarom is die fokus in raampie twee net op die seun se bolyf?

Die verrassingselement moet behoue bly. Die leser moet nog nie sien dat die seun dit verkeerd geïnterpreteer het nie.

Strokies 2

3. Wat het die afrigter kort voor die aanvang van die eerste strokie gedoen?

Hy het op sy fluitjie geblaas om die aandag te kry.

4. Die woord *fiets* kom in raampie 1 voor. Maak nou 'n goeie sin met die homofoon van hierdie woord, naamlik *viets*.

Die meisie wat gereeld in die gimnasium oefen het 'n vietse lyfie.

5. Gee suiwer Afrikaans vir die woord *oraait* in raampie 1.

Dit kom van die Engelse *all right*. *Reg* of *als reg* is die Standaardafrikaans woorde hiervoor.

6. Bestudeer die tweede raampie noukeurig.

6.1 Waaruit kan jy aflei dat die afrigter kwaad is deur net na die skets te kyk?

Sy gesigsuitdrukking wys dit.

6.2 Waaruit kan jy uit die geskrewe gedeelte aflei dat die afrigter kwaad is? Noem twee.

Die skrif is groter as in die ander raampies. Daar word 'n uitroepteken en 'n vraagteken gebruik.

7. In die laaste raampie is daar 'n spelfout wat baie gemaak word omdat dié woord so uitgespreek word. Skryf hierdie woord korrek in jou spellys neer.

Opdraand en afdraand (nie opdraend nie).

Strokies 3

8. Skryf die eerste sin oor en begin dié sin met 'n gepaste tussenwerpsel.

***Ai/Oe/Sjoe*, dit was nou 'n teleurstelling ...**

9. In hierdie strokie kom daar woordspeling voor. Verduidelik.

Daar is 'n woordspeling met die woorde *mis* en *skop*.

10. Watter suggestie lê daar verskuil in die laaste raampie?

Dit suggereer dat die ander speler baie (omtrent meestal) mis skop.

11. Waar vind hierdie gebeure plaas? Waaruit maak jy die afleiding?

Op die rugbyveld. Die groen agtergrond dui daarop.

Strok 4

12. As watter woordsoort word die woord *altemit* in raampie 2 gebruik wat die verwarring veroorsaak het? Verduidelik.

Die bywoord *altemit* word as 'n selfstandige naamwoord gebruik en dit is wat die verwarring veroorsaak. Die seun dink dit is 'n deel van die liggaam.

13. Gee 'n sinoniem vir die woord *altemit*.

Moontlik.

Strok 5

14. Watter kontras is daar in die eerste raampie?

Die seun wat nonchalant (traak-my nieagtig) is teenoor die woedende onderwyser.

15. Waaruit kan jy aflei dat die onderwyser woedend was?

Sy gesig is bloedrooi, sy gesigsuitdrukking dui daarop en die strepies en druppels wys ook op sy woedeuitbarsting.

16. Voltooi die sin: Uit raampie 2 kan daar afgelei word dat die seun uit **voorbegadte** rade moeilikheid gesoek het om uit die klas gejaag te word.

17. Beskryf die seun wat links sit in raampie 2 se gesigsuitdrukking in één enkele woord.

Enige enkele woord: ingenome, opgewonde, verras.

Aktiwiteit 55: Die studie van die letterkunde: Gedigte

Aktiwiteit 56: Skryf 'n huldeblyk

Aktiwiteit 57: My eie spellys

Aktiwiteit 58: Pas woordsoorte bymekaar

Koppelwerkwoorde	Tussenwerpsel
Voorsetsels	Voegwoorde
Hulpwerkwoorde <i>Tyd:</i> <i>Vorm:</i> <i>Modaliteit:</i>	Selfstandige werkwoorde <i>Oorganklik:</i> <i>Onoorganklik:</i> <i>Wederkerend:</i>
Byvoeglike naamwoorde <i>Attributief:</i> <i>Predikatief:</i>	Lidwoorde <i>Bepaalde:</i> <i>Onbepaalde:</i> <i>Argaïese:</i>
Selfstandige naamwoorde <i>Soortnaam:</i> <i>Eienaam:</i> <i>Versamelnaam:</i> <i>Abstrak:</i>	Telwoorde <i>Hoofotelwoord bepaald:</i> <i>Hoofotelwoord onbepaald:</i> <i>Rangtelwoord bepaald:</i> <i>Rangtelwoord onbepaald:</i>
Bywoorde <i>Wyse:</i> <i>Plek:</i> <i>Tyd:</i> <i>Graad:</i> <i>Modaliteit:</i>	Voornaamwoorde <i>Persoonlik:</i> <i>Besitlik:</i> <i>Aanwysend:</i> <i>Vraend:</i> <i>Betreklik:</i> <i>Wederkerend:</i>

Voorgestelde antwoorde

Koppelwerkwoorde blyk, heet	Tussenwerpsel helaas, ai
Voorsetsels op, vir aan	Voegwoorde nadat, want, terwyl, en
Hulpwerkwoorde <i>Tyd:</i> het <i>Vorm:</i> is, word <i>Modaliteit:</i> wil, gaan	Selfstandige werkwoorde <i>Oorganklik:</i> geneem <i>Onoorganklik:</i> sing <i>Wederkerend:</i> skaam
Byvoeglike naamwoorde <i>Attributief:</i> smaaklike <i>Predikatief:</i> wonderlik	Lidwoorde <i>Bepaalde:</i> die <i>Onbepaalde:</i> 'n <i>Argaïese:</i> de
Selfstandige naamwoorde <i>Soortnaam:</i> blaaskans <i>Eienaam:</i> Thabo <i>Versamelnaam:</i> skool <i>Abstrak:</i> liefde	Telwoorde <i>Hooftelwoord bepaald:</i> nege <i>Hooftelwoord onbepaald:</i> klomp <i>Rangtelwoord bepaald:</i> eerste <i>Rangtelwoord onbepaald:</i> soveelste
Bywoorde <i>Wyse:</i> lekker <i>Plek:</i> soontoe <i>Tyd:</i> vandag <i>Graad:</i> behoorlik <i>Modaliteit:</i> immers, maar (Die woord <i>maar</i> is hier 'n bywoord en nie 'n voegwoord nie.)	Voornaamwoorde <i>Persoonlik:</i> hulle <i>Besitlik:</i> ons s'n <i>Aanwysend:</i> hierdie, dié <i>Vraend:</i> waarom <i>Betreklik:</i> wat <i>Wederkerend:</i> hom

Aktiwiteit 59: Geïntegreerde taalleeroefening: Oudste rugbyspeler

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Die getal 78 kom in paragraaf 1 voor. Skryf hierdie getal as 'n rangtelwoord neer.
Agt-en-sewentigste; agt en sewentigste.
- Haal 'n abstrakte selfstandige naamwoord uit paragraaf 2 aan.
Opgewondenheid.
- Uit watter twee woorde is die woord *nes* (paragraaf 3) saamgestel en watter beeldspraak vind ons hier?
Net soos. Vergelyking.

4. *Daardie oomblik van trots is onbeskryflik* (paragraaf 3). Die woord *oomblik* is hier 'n selfstandige naamwoord. Vorm deur middel van 'n agtervoegsel 'n bywoord van dié woord in die volgende sin: Jy moet (oomblik) jou trui gaan aantrek vir die wedstryd.

Oombliklik.

5. Die woord *akkommodeer* word in paragraaf 5 as 'n werkwoord gebruik. Vorm 'n selfstandige naamwoord van dié woord in die volgende sin: Hulle het luukse (akkommodeer) aan die rugbyspelers verskaf.

Akkommodasie.

6. Haal 'n emotiewe woord uit paragraaf 5 aan en skryf ook 'n meer neutrale woord hiervoor neer.

Takel. 'n Meer neutrale woord is *pak/aanvat*.

7. "... op **die** veld gedraf toe **dié** hom benoem het ... (paragraaf 6)" Die twee onderstreepte woorde behoort tot verskillende woordsoorte. Verduidelik.

Die eerste *die* is 'n bepaalde lidwoord. Die woord *dié* (met die beklemtoning) is 'n aanwysende voornaamwoord.

8. Skryf die jaartal 1974 (paragraaf 6) in woorde uit.

Negentien vier en sewentig/die jaar eenduisend negehoonderd vier en sewentig.

9. Skryf die volgende woorde uit paragraaf 7 oor en onderstreep die diftonge wat daarin voorkom: deur, rugby, gebly, aanhou.

Deur (geen diftong), rugby (uitgespreek as rugbie – geen diftong), gebly, aanhou.

10. Verduidelik hoe vokaalreduksie die woord *vandag* (paragraaf 8) se uitspraak beïnvloed.

Die woord *vandag* sal dan uitgespreek word as *vindag*. Die vokaal a sal gereduseer word na 'n i-klank.

11. Skryf die meervoud van die woord *genot* (paragraaf 9) neer.

Genietinge.

Afrikaans, ons taal van groot waarde

Aktiwiteit 60: Skryf 'n toespraak

Aktiwiteit 61: Lewer 'n toespraak [Formele assesseringstaak 7]

Aktiwiteit 62: Lees- en begripsoefening

Opdrag 2

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Verduidelik in jou eie woorde wat die sin *Beeld en geluid het nie ons huis oorheers nie* (paragraaf 1) beteken.

Daar was nie televisie, radio's en rekenaars in hulle huis nie.

2. Lees weer paragraaf 2 en 3. Watter ooreenkoms is daar in die wyse waarop die verteller se pa en ma hul leesstof hanteer het?

Albei sy ouers het hul leesstof hanteer asof dit kosbaar is.

Hulle het dit mooi opgepas.

3. Die skrywer se ma was baie streng oor hoe haar tydskrifte hanteer is. Stem jy saam met hierdie stelling? Skryf twee opeenvolgende woorde neer om jou antwoord mee te bewys.

Ja. ...wee jou...

4. *Sodra dit op die plaas donker geword het, het jy gelees. As jy siek en in die bed was, het jy gelees. As dit koud was buite of gereën het, het jy gelees.* Wat is die geïmpliseerde betekenis van hierdie gedeelte uit paragraaf 4?

Hiermee word geïmpliseer dat die skrywer baie gelees het.

5. Skryf 'n woord uit paragraaf 4 neer wat dieselfde beteken as *terugblik*.

Retrospektief.

6. Skryf 'n uitdrukking uit paragraaf 4 neer wat beteken om te sit en luister na grootmense se geselskap.

Om tande te tel.

7. *Ek het letterlik letters verslind* (paragraaf 4) Moet hierdie sin letterlik of figuurlik geïnterpreteer word? Motiveer jou antwoord.

Figuurlik. Hy eet nie die letters nie. Dit beteken slegs dat hy baie gelees het.

8. Skryf uit paragraaf 4 'n woord neer wat die tyd en ruimte waarin die skrywer grootgeword het aandui.

Paraffienlampie.

9. Die skrywer is van mening dat kinders van vandag se begrip beter is, maar nie hul verbeelding nie. Stem jy saam? Motiveer jou antwoord.

Sien leerders se antwoorde.

Ja. Die televisie en rekenaar het die plek van die kind se verbeelding ingeneem.

Nee. Daar is nog baie kinders wat kreatief is. Die televisie dien slegs as stimulasie vir hulle verbeelding.

10. Dink jy die stereotiperings in paragraaf 6 is geregverdig? Motiveer jou antwoord.

Nee. Daar is nog baie kinders wat van lees hou.

11. Hoe sal jy die stemming wat deurgaans in hierdie leesstuk heers, beskryf? Kies een van die volgende: nostalgies, humoristies, ernstig, hartseer.

Nostalgies.

12. Skryf uit paragraaf 5 'n voorbeeld van 'n woord neer, waar 'n woord volgens sy klanksisteem in 'n nuwe woord (meer bekende woord) omskep word.

Kinderensiklopedie uitgespreek as Kinderduplessie.

Opdrag 2

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die foto in die advertensie. Wat word hier voorgestel?

Die foto beeld koeksisters wat 'n tipiese Afrikaanse lekkerny, waarop ons trots is, uit.

2. Hoe sluit die woorde *trots Afrikaans* in die visuele uitbeelding aan by die inhoud van die advertensie.?

Die maatskappy *Virseker* is trots op hul Afrikaanse erfenis net soos wat hulle trots is op ons koeksister-erfenis.

3. Hoe word die versekeringsmaatskappy se naam uitgehef?

Die twee kleure waarin die woord *virseker* gedruk is beklemtoon dat die maatskappy beslis 'n goeie keuse is.

4. Die woorde *verseker* en *virseker* is van toepassing.

4.1 Slaan die betekenis van die woorde *verseker* en *virseker* in die woordeboek na en skryf die betekenis neer.

***Vir seker* (eintlik twee woorde) beteken binne konteks dat dit definitief so is.**

***Verseker* beteken binne konteks om deur 'n premie te betaal 'n mens 'n waarborg het dat as jou besittings iets oorkom die waarde daarvan aan jou uitbetaal sal word.**

4.2 Die woord *virseker* is afkomstig van die Engelse woord *for sure*. Skryf 'n meer aanvaarbare Afrikaanse woord vir *virseker* neer.

Beslis.

4.3 Wat dink jy is die rede waarom die adverteerders die woord *virseker* vir hul advertensie verkies?

Die woordspeling en rym.

5. Skryf 'n woord uit die teks neer wat beteken *tot stand bring*, *voorsien*, *opwek*.

Genereer.

6. Skryf twee dinge neer wat die maatskappy doen om Afrikaans te bevorder.

Hulle voorsien geld ter bevordering van Afrikaanse opleidingsinstellings en om nuwe instellings op te rig en hulle skenk beurse aan Afrikaanse studente.

7. Skryf die wisselvorm vir die woord *koeksister* neer.

Koesister.

Aktiwiteit 63: Studie van die letterkunde: Roman en gedigte

Aktiwiteit 64: Deelwoorde

Voorgestelde antwoorde

In die illustrasie is dit die arme vlakvarksog wat deur (**geslepe**) skelms ontvoer is. Hulle het (**opgewonde**) gedink dat hulle 'n losprys by die vlakvarkbeer kan eis. Hulle het hulle egter teen die (**onverskrokke**) vlakvark vasgeloop wat 'n teeneis ingestel het. Hy het geweet wat die tante agter (**geslote**) deure aanvang en het volstrek geweier om die R100 te betaal. Hy het hom met (**oorgawe**) daarin verlustig toe die skelms die (**verborge**) talente van die tante eerstehands beleef.

Gewoonlik word diere nie vir 'n losprys ontvoer nie. Daar word egter dikwels met eksotiese voëls gesmokkel en dié swendelaars word as (**geswore**) vyande van die natuur beskou. Die mens se (**oordrewe**) behepthed met dié voëls as statussimbool laat hulle onverantwoordelik optree om dié (**verbode**) vrugte – eintlik voëls! – onwettig te bekom. Ons moet eerder van 'n (**onbesproke**) karakter getuig en dié smokkelaars aan die kaak stel. As 'n voël onder (**verdagte**) omstandighede aangebied word, moet die owerhede in kennis gestel word. Die (**voornemende**) kopers kan (**betrokke**) raak en help om die skelms vas te trek.

Dit is (**onrusbarend/verontrustend**) hoeveel smokkelaars vry daarvan afkom omdat daar nie (**afdoende**) bewys is dat die voëls onwettig bekom is nie. Soms word dié smokkelaars wel vasgetrek en kan die voëls – na 'n tydperk in kwarantyn – hulle (**herwonne**) vryheid in 'n voëlpark geniet.

In (**vervloë**) dae het voëls onbedreig in die natuur voorgekom, maar vandag is daar baie bedreigde spesies. Dit is (**onbegryplik**) dat die smokkelaars die voëllewe so versteur en met hulle (**vergesogte**) argumente die (**niksvermoedende**) kopers so 'n rat voor die oë draai.

Aktiwiteit 65: Die infinitief en geïntegreerde taalleeroefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. In paragraaf 1 word die woord *vervelige* gebruik. Onderskei tussen die woorde *vervelig* en *verveeld* deur verhelderende sinne met dié twee woorde te maak.

Die partytjie was baie vervelig, want daar was niks om te doen nie.

Ek is verveeld, want ek is alleen by die huis.

2. Skryf die verkleining van die woord *radio* (paragraaf 2) en *patat* (paragraaf 11) neer.

Radio'tjie en patatjie

3. Die woord *bekend* kom in paragraaf 3 voor. Skryf die intensiewe vorm van dié woord neer.

Alom bekend.

4. Die woord *dourissies* is 'n regstreekse vertaling van die woord *peppadews*. Wat beteken dit as iets *verbatim* vertaal word?

Verbatim is 'n Latynse woord wat beteken iets word woordeliks vertaal.

5. In hierdie leesstuk word na die skep van nuwe woorde soos byvoorbeeld *dourissies* (paragraaf 3) verwys. Wat is die term waarmee daar na sodanige woorde verwys word?

Neologismes.

6. Verduidelik waarom die woord *af-tree-oord* (paragraaf 3) met 'n koppelteken geskryf word.

Die woord word met 'n koppelteken geskryf as gevolg van die opeenhoping van vokale wat daarin voorkom.

7. Verduidelik die gebruik van die komma in paragraaf 3.

Die komma word voor die voegwoord *maar* gebruik.

Die komma word tussen twee gesegdes gebruik.

8. "Op skool het ons altyd die woord *marakkas* gebruik. Jy sou vir iemand sê: 'Hier kom groot *marakkas*.' Groot moeilikheid, dus."

Skryf Dana Snyman se direkte woorde oor in die indirekte rede. Begin as volg: Dana Snyman sê dat ...

Dana Snyman sê dat hulle op skool altyd die woord marakkas gebruik het. Hulle sou vir iemand gesê het daar kom groot marakkas, daar kom dus groot moeilikheid.

9. Skryf die erkende afkorting neer vir die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*.

WAT

10. Verduidelik die koppeltekengebruik in die woord *olie- of paraffienblik* (paragraaf 8).

Die koppelteken word as weglatingsteken gebruik.

11. Waarvoor staan die afkorting *www* in die webadres: *www.roekeloos.co.za* (paragraaf 9)?

Wêreld wye web.

12. Gee 'n sinoniem vir die woord *argaïes* (paragraaf 7).

Verouderd.

13. Skryf die infinitiewe werkwoord wat in paragraaf 1 voorkom, neer.

Om te gebruik.

Week 19 en 20

Halfjaareksamen

Aktiwiteit 66: Halfjaareksamen

Sien aparte afdeling vir memorandum van 'n voorbeeld-eksamenvraestel .

Kwartaal 3

Week 21 en 22

In die water ...

Aktiwiteit 67: Informele bespreking oor idiome

Voorgestelde antwoorde

- Hy vis op droë grond.
Hy probeer verniet iets te wete kom. Wys die leerders op die lewenswaarheid dat 'n mens soms geheime moet hou wat jy vir niemand moet vertel nie. Vertroue is 'n groot bestanddeel daarvan.
- Botter by die vis.
Dit is altyd beter om kontant te koop. Rentes kan die artikel se prys baie opskuif.
- Drink soos 'n vis.
Baie sterk drank drink. Wys op die gevare van drankmisbruik.
- So fris soos 'n vis.
Om baie gesond te wees. Dit is voordelig om na jou liggaam om te sien en gesond te lewe deur genoeg oefening te doen en gesond te eet.
- Soos 'n vis op droë grond.
Totaal magteloos te voel. Daar is sekere dinge in die lewe waaraan 'n mens niks kan doen nie en wat 'n mens magteloos laat voel. Aanvaarding is die enigste oplossing.
- So lewendig soos 'n vis.
Om baie opgewek te wees. 'n Positiewe gesindheid is die sleutel tot sukses.
- In troebel water vis.
Wins of voordeel probeer trek uit ander se moeilikhede (die een se dood is die ander se brood).
- Nóg vis, nóg vlees.
Sonder bepaalde, besliste karakter. Soms voel 'n tiener dat hy nog nie 'n volwassene is nie, maar ook nie meer 'n kind nie. Gelukkig is dit van verbygaande aard.

Aktiwiteit 68: Die studie van die letterkunde: Gedigte

Aktiwiteit 69: Lees- en kykoefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die meegaande prent aandagtig. Skryf 'n voorbeeld van onomatopée neer en dui aan watter klank nageboots word.
Girrr. Die skuurgeluid van die vuurhoutjie teen die growwe skuurstrook van die vuurhoutjiekassie.
2. In die skets word die denotasie van *aan die brand* (*steek*) uitgebeeld. Verduidelik die konnotasie (figuurlike betekenis) van hierdie woorde.
Figuurlik beteken *aan die brand* bedrywig, op dreef wees.
3. Die vis word verdink dat hy die huis aan die brand gestee het (paragraaf 1). Voltooi die volgende sin: Hy is dus 'n (verdink) in die saak.

Verdagte.

4. In paragraaf 2 staan daar dat die vrou oortuig is dat Kipper die skuldige is. Haal 'n woord uit dieselfde paragraaf aan wat hierdie stelling weerspreek.

Bedenkinge.

5. Bestudeer paragraaf 3 noukeurig.

5.1 Met watter woord in die titel hou die woord *moelikheidmaker* direk verband?

Veglustige.

5.2 Die woord *berug* kom in hierdie paragraaf voor. Wat beteken die woord *berug*?

Negatief bekend te wees.

5.3 Waarom word "inwoners" tussen hakies geplaas?

Dit word buite konteks gebruik om na die ander visse in die akwarium te verwys.

6. Watter twee woorde in paragraaf 6 is 'n oksimoron?

Die woorde *byna heeltemal* is 'n oksimoron. Hierdie twee woorde staan eintlik direk teenoor mekaar.

7. Waarom is die woorde *Kipper moes egter op die harde manier leer* ironies?

Hy het niks hieruit geleer nie, want hy is dood. Dit is dus ironies.

8. Jy is nou vertrouwd met die teks se inhoud. Watter verskille is daar tussen die teks en die skets? Noem twee prominente verskille.

In die skets steek die vis die huis met vuurhoutjies aan die brand. Die huis is aan die brand gesteeke deur 'n kortsluiting wat ontstaan het.

In die skets is dit 'n visbak, maar in die teks word daar van 'n 2 meter akwarium gepraat.

9. 'n Akwarium (paragraaf 3) is 'n plek waar waterdiere aangehou word. Wat is ...

9.1 'n herbarium?

'n Plek waar gedroogde plante vir wetenskaplike studie gehou word.

9.2 'n terrarium?

'n Glasbak met grond vir waarneming van insekte, reptiele en plante.

10. Maak 'n opsomming van dié teks deur die hoofgedagtes in een paragraaf saam te voeg.

- Die paragraaf moet in 80 tot 90 woorde afgehandel word.
- Voorsien jou opsomming van 'n treffende opskrif.
- Dui die aantal woorde wat gebruik is, aan.

Voorgestelde antwoord

Leeders se eie trefferkop:

Katvis veroorsaak brand

Me. Sharron Killahena glo haar katvis het haar huis in Poole, Southampton, aan die brand gesteeke. Die katvis, wat berug is as 'n moeilikheidmaker, se bakleiere met ander visse in die akwarium het water op die ligte gespat wat 'n kortsluiting veroorsaak het. Die smeltende akwariumdak het die bank aan die brand gesteeke. Die rook het die brandalarm geaktiveer en die inwoners kon na veiligheid vlug. Die hitte het die vistenk laat bars en die katvis het verkool, want die water was nie voldoende om die vlamme te blus nie.

Aantal woorde: 90

Aktiwiteit 70: Skryf 'n transaksionele teks – 'n artikel

Aktiwiteit 71: Sinsleerinskerping

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Brei die volgende sin uit deur die **onderwerp** te omskryf:
Die visserman durf die see in die stormweer aan.
Die visserman met die sterk wilskrag durf die see in die stormweer aan.
2. Brei die volgende sin uit deur die **voorwerp** te omskryf:
Die visserman durf die see in die stormweer aan.
Die visserman durf die magtige see in die stormweer aan.
3. Brei die volgende sin uit deur 'n **bywoordelike bepaling van tyd** by te voeg.
Die visserman durf die see in die stormweer aan.
Die visserman durf in die nag die see in die stormweer aan.
4. Benoem die volgende sinne. Skryf neer of dit 'n stelsin, bevelsin, uitroepsin ensovoorts is.
 - 4.1 Aitsa, maar jy het 'n groot vis gevang!
Uitroepsin.
 - 4.2 Jy moet dadelik daardie kreef teruggooi, want dit is heeltemal onder die vereiste gewig.
Bevelsin ('n handeling moet volg).
5. Bepaal of die volgende vraagsinne algemene of spesifieke vraagsinne is:
 - 5.1 Wanneer gaan ons met jou seilboot op die meer vaar?
Spesifieke vraagsin (daar is 'n vraagwoord aan die begin).
 - 5.2 Is dit jou seilboot of jou pa s'n?
Algemene vraagsin. Die woordorde word net verander om 'n vraag te vra.
6. Verkort die volgende sinne deur een woord vir die skuinsgedrukte gedeelte te gee:
 - 6.1 Die visserman hou sy inligting oor visgereedskap in 'n lêer in die *plek waar al die lêers bymekaar gehou word*.
Liasseerkabinet.
 - 6.2 Die *man wat vir sy regering optree*, het 'n toespraak in die buiteland gelewer oor visstropery.
Ambassadeur.
 - 6.3 Omdat die visserman baie in die son kom, het die *dokter wat spesialiseer in velsiektes* vir hom 'n spesiale sonblok voorgeskryf.
Dermatoloog.
 - 6.4 Die *man wat elektriese toestelle installeer en herstel*, het die visserman se vrieskas reggemaak.
Elektrisiën.
 - 6.5 Die visserman is ook 'n bedrewe *persoon wat klavier speel* en het 'n groot applous van die ander vissers gekry.
Pianis.

6.6 Die *persoon wat petrol verkoop by 'n vulstasie* het die petrolkan vir die motorboot volgemaak.

Petroljoggie.

Aktiwiteit 72: Sinsleer- en geïntegreerde taalleeroefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter klank is opvallend in die titel? Watter funksie verrig dit hier?
Die s-klank. Dit maak die titel klankryk en ondersteun die onheilspellendheid.
2. Die woord *verveeld* kom in die eerste paragraaf voor. Onderskei tussen *verveeld* en *vervelig* deur kort sinne met elk te maak.
Ek is verveeld en weet nie wat om met myself aan te vang nie. Die toespraak is baie vervelig en almal wil net slaap.
3. Waarom word die woord *boaan* (paragraaf 1) nie met 'n koppelteken geskryf nie?
Daar is geen verwarring met die uitspraak van hierdie woord nie.
4. *Toe sien hy in die verte die roering van die duiwelse vaartuig, die skoener wat doelgerig vanuit die noorde aangesidder kom* (paragraaf 1). Bestudeer hierdie sin en beantwoord die onderstaande vrae:
 - 4.1 Die woord *aangesidder* is 'n baie emotiewe woord. Skryf 'n nugter woord hiervoor neer.
Aangevaar, aangery.
 - 4.2 Wat word bereik deur die gebruik van die woord *aangesidder*? Verduidelik.
Die woord *vaar* word vervang met die woord *sidder* om die spanning van die bemanningslede en die naderende onheil uit te hef.
 - 4.3 Skryf hierdie sin oor en verkort dit dat net die essensie behoue bly.
Hy sien in die verte die skoener wat uit die noorde kom.
5. *Hy kyk biddend hemelwaarts.* Brei hierdie sin uit deur die onderwerp te omskryf.
Die matroos met die houtbeen kyk biddend hemelwaarts.
Enige gepaste uitbreiding van die onderwerp.
6. *"Seerowers!" bulder hy weer* (paragraaf 3). Skryf hierdie sin in die indirekte rede.
Hy het weer gebulder dat daar seerowers is.
7. Verkort die eerste sin van paragraaf 4 dat net die essensie behoue bly.
Vaartbelyn met die noordewind in sy seile snel die skoener so vinnig nader dat die seilskip onmoontlik kan wegkom.
8. Haal 'n woord uit paragraaf 5 aan wat dieselfde beteken as *sonder medelye, hardvogtig*.
Meedoënloos.
9. *In 'n verwoede en bloedige geveg word die matrose van die handelskip oorweldig* (paragraaf 5).
 - 9.1 Vorm 'n algemene vraagsin van hierdie sin.
Word die matrose van die handelskip in 'n verwoede en bloedige geveg oorweldig?
 - 9.2 Vorm 'n spesifieke vraagsin van hierdie sin.
Wie word in 'n verwoede en bloedige geveg oorweldig?
10. Wat is die rede vir die gebruik van die komma in die eerste sin van paragraaf 6: ... *wat dit oorleef, word genadeloos ...?*

Die voegwoord tussen twee gesegdes.

11. Haal drie woorde uit paragraaf 7 aan waarin daar vokaalreduksie kan voorkom by die uitspraak van dié woorde.

Manier, vandag, natuurlik.

12. Waarom word die woord *dramas*, soos in die woord *seeroofdramas* (paragraaf 7), nie met 'n afkappingsteken gespel nie, maar *karba*'s wel?

Die a aan die einde van die woord *drama* is nie beklemtoon nie en word dus nie met 'n afkappingsteken gespel nie. Die woord *karba* eindig wel met 'n beklemtoonde a.

13. Skryf twee intensiewe vorme vir die woord *oud* (paragraaf 8) neer.

Stokoud en horingoud.

14. Waarom word die woord *wêrelddele* (paragraaf 9) met twee d's gespel?

Samestelling van twee woorde waarvan die een met 'n d eindig en die ander met 'n d begin.

15. Skryf 'n spreekwoord neer waarin die woord *maai* (paragraaf 9) voorkom.

Wat jy saai sal jy maai. Jy sal die loon na jou werk ontvang.

Ook in die ongunstige sin: as jy kwaad stook, sal dit na jou toe terugkeer.

Aktiwiteit 73: Geïntegreerde taalleeroefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die titel noukeurig.

1.1 By watter paragraaf sluit die titel *direk* aan? Verduidelik.

Die titel sluit direk by die slotparagraaf (paragraaf 11 aan). Die woord *herlaai* kom in albei voor en albei verwys na Schuinsdraai.

1.2 Watter betekenis lê daar opgesluit in die voorvoegsel *her-* in die woord *herlaai*?

***Her-* beteken *weer*.**

2. Gee die afkorting vir die woord *Woensdag* (paragraaf 1).

Wo. (Laat die leerders somer *al* die dae van die week neerskryf: Ma. Di. Wo. Do. Vr. Sa. So. *Nie* Maan. Dins. Woens. Don. Vry. Sat. Son. *nie!*)

3. "...*kry nie veel kans om te gesels nie...*" (paragraaf 1).

3.1 Wat word 'n persoon genoem wat teruggetrokke, ingekeer is?

Introvert.

3.2 Wat word 'n persoon genoem wat uitgesproke, na buite gekeer is? (1)

Ekstrovert.

4. In die teks verwys die woord *trou pant* (paragraaf 2) na 'n voël. Waarna verwys die woord *trou pand* (met 'n d aan die einde)?

Trouing.

5. "Wat kan ek verwag om hier te sien?" Skryf hierdie sin uit paragraaf 2 in die indirekte rede.

Hy het gevra wat *hy* kon verwag om *daar* te sien.

6. Gebruik die homofone van die volgende woorde in goeie sinne sodat die betekenis daaruit afgelei kan word.

6.1 vier (paragraaf 4)

Hy stap fier en regop.

(Ons vier fees. Die getal vier kom na die getal drie.)

6.2 fiets (paragraaf 8)

Die meisie met die vietse lyfie het in haar kostuum om die dam gestap.

7. Die woord *party* (paragraaf 4) word in 'n sekere betekenisverband in die teks gebruik. Dié woord het verskeie ánder betekenisse. Maak twee sinne om twee ander betekenisse te illustreer.

Enige twee van die volgende:

Hulle behoort tot dieselfde politieke party.

Ek het 'n party gegee, en almal het heerlik gekuier.

Sy was die ander party in dié hofsaak.

Party kies/trek vir iemand.

8. Die woord *glo* kom in paragraaf 5 voor. Vorm een woord van die drie woorde tussen hakies sodat dit in die sin pas: As hy so baie vergroot en bylieg, is sy vertelling oor die vangs (nie + glo + werd).

Ongeloofwaardig.

9. Skryf 90 km² (paragraaf 6) in woorde uit.

Negentig vierkante kilometer.

10. Gee die teenoorgestelde (antonieme) van die volgende:

10.1 openbare teerpad (paragraaf 6)

Private grondpad.

(Openbare en publieke is sinonieme en het min of meer dieselfde betekenis.)

10.2 verdeel (paragraaf 6)

Saamvoeg/saamsmelt/koppel.

10.3 ander kant (paragraaf 7)

Duskant.

11. “Die meeste besoekers kom hengel of kyk voëls.” (paragraaf 7).

11.1 Is hierdie 'n saamgestelde of enkelvoudige sin?

Saamgestelde sin. Daar is twee gesegdes in hierdie sin: hengel en kyk.

11.2 Wat noem ons 'n kenner van voëls? (nie voëlkenner nie!)?

Ornitoloog.

11.3 Gee die versamelnaam vir 'n klomp visse in die water.

'n Skool visse.

11.4 Gee die versamelnaam vir 'n klomp visse ingeryg in 'n bondel.

'n Sloer visse.

12. Gebruik die kern van die woord *platstap* (paragraaf 8) as 'n bepaler om 'n nuwe samestelling te vorm.

Enige woord wat begin met die woord *stap* as bepaler: stapskoene, staproete, ensovoorts.

13. Vorm 'n persoonsnaam van die woord *verken* (paragraaf 8).

Verkenner.

14. Die woord *skaars* kom in paragraaf 8 voor. Skryf die oortreffende trap van dié woord neer.

Die skaarsste.

15. Skryf die manlike en vroulike vorm van die volgende neer:

15.1 koedoe (paragraaf 8)

Koedoebul en koedoekoei.

15.2 rooibok (paragraaf 8)

Rooibokram en rooibokooi.

15.3 vlakvark (paragraaf 8)

Vlakvarkbeer en vlakvarksog.

16. Haal 'n voorbeeld van klanknabootsing aan uit elk van die volgende paragrawe: 9, 10 en 11.

Tjank, tjorrrrrrrr, klots.

17. Die woord *negeuur* word in paragraaf 10 vas geskryf. Maak 'n sin waarin hierdie woord los geskryf word sodat die verskil in betekenis daaruit afgelei kan word.

Dit het ons nege uur (tydsduur) geneem om tot daar te ry.

(Ons het negeuur (horlosietyd) die aand daar aangekom.

18. Watter gevoel word deur die tussenwerpsel *ai* (paragraaf 11) weergegee?

Genoegdoening.

As die woord met 'n s eindig, word dit met twee s'e gespel in die oortreffende trap, want die -ste word bygevoeg: die boosste, die vasste, die snaaksste, die valsste, ensovoorts.

Herinner die leerders om telkens *die* vooraan te plaas. Die oortreffende trap is in 'n vaste verbinding met die lidwoord *die* en dit kan foutief wees om dit daarsonder te skryf.

Week 23 en 24

Lag is lekker

Aktiwiteit 74: Bekendstelling en bedanking van 'n spreker [Formele assesseringstaak 9]

Aktiwiteit 75: Visuele geletterdheid: *Dit is alles in 'n prentjie*

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Verduidelik die ironie wat in grappie 1 voorkom.
Die man is toegedraai in verbande. Al wikkkel hy ook sy groottoon, niemand sal weet wat hy wil hê nie. Dus is dié grappie ironies. (2)
2. Bestudeer grappie 2 noukeurig.
 - 2.1 Waarom moedig dié toeskouer die bokser in grappie 2 aan om die opponer se tande uit te slaan?
Hy is 'n tandarts en sien 'n geleentheid om geld te maak. (1)
 - 2.2 Waarom word die woord *slaat* in plaas van *slaan* gebruik?
Die eksplosiewe t-klank in die woord *slaat* sluit klankmatig by die slaanaksie in die kryt aan. (2)
3. Grappie 3 is van toepassing.
 - 3.1 Verduidelik hoe die visuele uitbeelding en die inhoud van die woorde paradoksaal teenoor mekaar staan.
Die prentjie beeld uit dat die man woedend is, terwyl sy woorde sê dat hy kalm en rustig is. (2)
 - 3.2 Verduidelik hoe die manier waarop die man die woorde uiter die visuele uitbeelding ondersteun.
Hy skree die woorde uit en uit sy stemtoon kan afgelei word dat hy woedend is soos wat hy uitgebeeld word in die prentjie. (2)
 - 3.3 Watter suggestie is daar geleë in die woorde *vir die laaste keer*?
Hy het dit al vantevore gesê. (1)
4. Gee die letterlike en figuurlike interpretasie van die afsitter in grappie 4 se woorde.
Die atleet moet letterlik sy agterstewe lig om weg te spring. Figuurlik gesproke dui dit daarop dat hy sy beste moet gee. (2)
5. Wat suggereer die dokter se woorde van die pasiënt in grappie 5?
Dat die vrou so baie praat, dat die dokter nie 'n woord kan inkry nie. (1)
6. Bestudeer grappie 6 met aandag.
 - 6.1 Watter afleiding kan jy maak omtrent die man wat by die weervoorspellers werk?
Hy het nie vertrou in hulle voorspellings nie. Hy het dalk nie na die voorspellings geluister nie. (1)
 - 6.2 Watter tipiese kenmerk in verband met weersomstandighede word hier mee gespot?
Weervoorspellings is nie altyd in die kol nie. Die weer is juis onvoorspelbaar. (1)
7. Grappie 7 is van toepassing.
 - 7.1 Watter stylfiguur word aangetref in die vrou se woorde? Verduidelik.

Hiperbool. Dit word vergroot, want in die illustrasie word letterlik uitgebeeld hoe sy mense teen die mure (eintlik deur die mure!) (uit)dryf. (2)

7.2 In die illustrasie word die psigiater letterlik teen die muur uitgedryf. Wat is die figuurlike betekenis van hierdie woorde?

Iemand tot raserny dryf. (1)

8. Bestudeer grappie 8 met aandag.

8.1 Watter verskoning het die vrou aangebied vir die ongeluk?

Die man het voor haar ingeloop. (1)

8.2 Wat was die verkeersbeampte se troefkaart?

Hy sê dat die vrou die man op sy eie grasperk raakgery het. (1)

8.3 Watter suggestie is daar in die verkeersbeampte se woorde geleë?

Dit suggereer dat die vrou roekeloos bestuur. (1)

8.4 Was dit 'n noodlottige ongeluk? Motiveer.

Die man lê wel onder die motor en dit lyk of hy "dood" kan wees. Dit is egter 'n grappie en word net as sodanig uitgebeeld. (2)

8.5 Waarom kan hierdie nie as 'n tref-en-trap-ongeluk beskou word nie?

By 'n tref-en-trap-ongeluk jaag die bestuurder weg van die ongelukstoneel. (1)

9. Bestudeer grappie 9 noukeurig.

9.1 Voltooi die uitdrukking in raampie 1.

'n Appel 'n dag, laat die dokter wag. (1)

9.2 Waarom kan hierdie strokie as ironies beskou word?

Hier is die appel juis die oorsaak dat die seun beseer is en moontlik na 'n dokter toe moet gaan. (1)

9.3 Watter taalverskynsel kom voor in die woord *kardoef*?

Klanknabootsing. (1)

9.4 Hoe word die seun se pyn tipografies uitgehef? Noem twee maniere.

Enige twee van die volgende: Die uitgerekte skryfwyse van die woord Einaaaaaaaaa!! Die gebruik van die uitroepteken en die vetgedrukte letters. (2)

10. Bestudeer grappie 10. Watter stylfiguur kom in hierdie grappie voor?

Sarkasme. (1)

[30]

Aktiwiteit 76: Op straat ...

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Watter moontlike beroep beoefen die man wat blomme koop? Motiveer.

Hy is in 'n regsberoep: prokureur, advokaat, landdros, ensovoorts.

2. Wat noem ons 'n persoon wat 'n winkel het wat blomme en ruikers verkoop?

Bloemis.

3. Wat kan jy uit die illustrasie aflei is die koerantverkoper besig om te doen?

Uit die illustrasie kan afgelei word dat hy praat. Hy is dus besig om sy koerant (of die nuus) aan die mense bekend te stel.

4. Watter twee beroepe word deur die vensters van die geboue uitgebeeld?

Haarkapper en 'n verpleegster.

5. Skryf die naam van die maatskappy wat toere reël neer. Watter afleiding kan jy uit hierdie naam maak? Verduidelik.

Harmansdrup. Harmansdrup is 'n tydsame, stadige persoon. Hierdie toere is dus rustige, tydsame toere wat meegemaak kan word.

6. Watter soort toere doen hierdie maatskappy? Waaruit het jy dié afleiding gemaak?

Toere na wildplase en wildtuine. Daar is voetspore op dié toerbus. 'n Mens kan dus aflei dat hulle in wildbesigtiging spesialiseer. Dit sluit ook by die benaming *Harmansdrup* aan, want in 'n wildtuin mag mens nie vinnig ry nie.

7. Wat word die persoon genoem wat die boete uitskryf?

Verkeersbeampte.

8. Bestudeer die persoon wat die verkeersoortreding begaan het.

8.1 Watter beroep beoefen dié persoon? Waaruit lei jy dit af?

Hy is 'n kunstenaar. Daar is 'n verfkwas in sy hoed.

8.2 Beskryf elkeen van die twee persone se gesigsuitdrukking in 'n enkele woord.

Kunstenaar: verontskuldigend.

Verkeersbeampte: ernstig/saaklik.

8.3 Watter kontras is daar tussen hulle kleredrag en wat gee hulle onderskeie tipes kleredrag te kenne?

Die kunstenaar is informeel geklee (modern, uniek, eietyds, ekspressief) soos wat dit 'n kunstenaar betaam.

Die verkeersbeampte is formeel in 'n uniform, netjies, streng soos wat dit 'n wetstoepasser betaam.

8.4 Wat kan jy aflei uit die tipe motor wat die persoon bestuur?

Hy is dalk 'n sukkelende of eksentrieke kunstenaar. Dit is 'n outydse Volkswagen.

8.5 Watter verkeersoortreding het die persoon begaan?

Hy het die lamppaal omgery.

9. Waarna kyk die werklose persoon en die vrou met die baba?

Hulle kyk na die ongelukstoneel. Let op hulle oë is na die ongeluk gedraai.

10. Waarop dui die L wat op die pad staan?

Dat dit 'n laaisone is.

11. Op die bedelaar se bordjie is 'n argaïese vorm. Waarvoor staan dit? Gee ook die gewone afkorting daarvoor.

A.u.b. staan vir *as u blief*. Dit is 'n verouderde vorm van *asseblief*. Die gewone afkorting is *asb*.

12. Waarom is die padwerker onbewus van die gebeure in die straat? Verskaf twee redes.

Die boormasjien lawaai te veel, hy kan nie hoor nie. Hy dra ook oorklappe wat sy ore teen die geraas beskerm, dus is hy onbewus van die ongeluk.

13. Watter beroep beoefen 'n ma as sy haar kinders grootmaak?

Sy is 'n tuisteskepper.

Aktiwiteit 77: Begriplees: *Die dag toe Kees wou saamry*

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die titel noukeurig.
 - 1.1 Verduidelik waarom die titel as 'n vorm van persoonifikasie beskryf kan word.
Die woord *Kees* word hier as 'n eienaam gebruik en daardeur word hy verpersoonlik as iemand wat wil saamry.
 - 1.2 Wat is die funksie van die ellips in die titel?
Die leser kan hulle indink wat daardie dag gebeur het.
 - 1.3 Watter voorspelling kan jy maak as jy slegs die titel lees?
Jy kan reeds uit die titel aflei dat die bobbejaan saam gaan ry.
2. Bestudeer die eerste twee paragrawe noukeurig.
 - 2.1 Met watter enkele woord in paragraaf 2 hou die woorde *julle sal ons nie glo nie* (paragraaf 1) verband?
Tandetrek-storie.
 - 2.2 Waar het hierdie *tandetrek-storie* sy ontstaan gekry?
Tandartse jok as hulle sê dit is nie seer as hulle jou gaan inspuit om jou tand te trek nie. Vandaar die uitdrukking *hy lieg soos 'n tandetrekker*.
3. Watter afleiding kan jy omtrent die dames maak in paragraaf 3?
Hulle is ongetroud en dus oujongnooiens.
4. Haal 'n emotiewe woord (woord met emosie) uit paragraaf 5 aan en vervang dit met 'n nugter woord.
Die woord *ta* is 'n emotiewe woord. Dit kan vervang word met *bobbejaan*.
5. Watter twee verklarings kan aan die woorde *Kees het begin tande wys ...* (paragraaf 6) gekoppel word?
Dit kan op 'n glimlag dui (van die lekker kos wat hy gekry het) of dit kan op aggressie dui.
6. Watter ironie is daar verbonde aan plan A soos dit in paragraaf 7 uiteengesit is?
Plan A was om een kees uit te laat, maar dit het toe tot gevolg dat die ander kесе ingekom het.
7. Bestudeer paragraaf 9 noukeurig. Watter woord beskryf hierdie paragraaf die beste? Kies een van die volgende: ironie, humor, sarkasme.
Sarkasme.
8. Beskryf kortliks plan B.
Vrugte is by die venster uitgegooi om die kесе na buite te lok.
9. Waarom word die woord *passasier* in paragraaf 12 tussen aanhalingstekens geskryf?
Kees was nie regtig 'n passasier nie. Die woord word buite konteks gebruik.
10. Haal twee woorde uit die teks wat dieselfde beteken as *ou vroue*.
Bejaarde vroue. Hierdie woorde toon meer respek as om van *ou vroue* te praat.
11. Wat beteken die volgende uitdrukkings?
 - 11.1 die aftog blaas (paragraaf 11)
Weghardloop.

11.2 bobbejaan het daar 'n kerie nodig.

Die pad is onbegaanbaar.

12. Bestudeer die illustrasie noukeurig.

12.1 Die illustrasie gee nie die gebeure soos in die teks weer nie. Wat word hier geïllustreer?

Die bobbejane stop die vrouens soos wat kapers dit sou doen. Dit het nie so gebeur nie.

12.2 Wat beteken dit as hulle *gekaap* is? Vergelyk dit met die woord *geskaak*.

Gekaap beteken om 'n voertuig wederregtelik in besit te neem. 'n Vliegtuig word geskaak wanneer die passasiers as gyselaars gehou word om die vlieëniers te dwing om op 'n ander plek te land.

12.3 Haal 'n woord aan wat daarop dui dat dit nie 'n lekker ondervinding was nie.

Onaangename.

Aktiwiteit 78: Die studie van letterkunde: Drama

Aktiwiteit 79: Skryf 'n onderhoud

Aktiwiteit 80: Vul jou spellys aan ...

Aktiwiteit 81: Sinne onder die loep

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Ontleed die volgende enkelvoudige sin in gesegde, onderwerp, voorwerp (direk en indirek) en die bepaling: Jabulani het 'n brief van die komieklike komediant in Nelspruit gekry.

Onderwerp: Jabulani

Gesegde: het gekry

Direkte voorwerp: 'n brief

Indirekte voorwerp: van die komediant

Bywoordelike bepaling van plek: in Nelspruit

Byvoeglike bepaling by komediant: komieklike

2. Gebruik die sin: "Die komediant skryf..." en brei dit as volg uit:

2.1 Brei die sin uit deur 'n direkte voorwerp by te voeg.

Die komediant skryf 'n brief.

2.2 Brei die sin uit deur ook 'n indirekte voorwerp by te voeg.

Die komediant skryf 'n brief aan die seun.

2.3 Brei die onderwerp uit deur 'n byvoeglike bepaling te gebruik.

Die vriendelike komediant skryf 'n brief aan die seun.

2.4 Brei die gesegde uit deur 'n bywoordelike bepaling by te voeg.

Die komediant skryf saans 'n brief aan die seun.

2.5 Brei die sin uit deur 'n neweskikkende sin by te voeg.

Die komediant skryf 'n brief aan die seun en pos dit in die oggend.

2.6 Brei die sin uit deur 'n byvoeglike bysin by te voeg.

Die komediant wat in Kaapstad woon, skryf 'n brief aan die seun.

3. Benoem die volgende soorte sinne. Kies uit die volgende: stelsin, vraagsin, bevelsin, uitroepsin, wenssin, begroeting.

3.1 Die komediant maak baie geld met sy skreeusnaakse vertonings.

Stelsin.

3.2 Is daar iets waarvan hy nie 'n grap maak nie?

Algemene vraagsin.

3.3 Gaan buitentoe as jy so hard oor jou selfoon wil lag en gesels.

Bevelsin.

3.4 Goeie middag! Wanneer gaan die vertoning begin?

Begroeting.

3.5 Ek wens julle 'n middag vol vreugde toe.

Wenssin.

3.6 Hoera, die vakansie het aangebreek!

Uitroepsin.

4. Skryf neer of die volgende algemene of spesifieke vraagsinne is:

4.1 Deur wie is hierdie komiese vertoning gereël?

Spesifieke vraagsin (daar is 'n vraagwoord "deur wie").

4.2 Is dit waar dat die komediant aan depressie ly?

Algemene vraagsin (woordorde van sin verander).

Verrykingsvrae

5. Daar is drie soorte selfstandige bysinne: onderwerpsin, voorwerpsin en gesegdesin.

5.1 Brei die vetgedrukte onderwerp uit tot 'n onderwerpsin: **Dit** is nadelig vir die komediant.

Dit wat jy gesê het, is nadelig vir die komediant.

5.2 Brei die vetgedrukte voorwerp uit tot 'n voorwerpsin: Die komediant vertel 'n **storie**.

Die komediant vertel *waarvan hy gelees het.*

5.3 Skryf die volgende sin oor en onderstreep die gesegdesin:

Dit blyk dat die komediant nie 'n rybewys het nie.

Aktiwiteit 82: Geïntegreerde taal: *O, die donkie!*

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die woord *stink* kom in die eerste paragraaf voor. Gee die korrekte vorm van hierdie woord in die volgende sin: Dit was maar (stink) vir dank wat ons van die donkie gekry het wat ons so maande lank gevoer het.

Stank.

2. Watter soort sin is die eerste sin in paragraaf 2? Benoem volledig.

Algemene vraagsin. Slegs die woordorde van die sin is verander om 'n vraag te skep.

3. Die eerste sin in paragraaf 3 is van toepassing: Vreemd, maar mense het nie altyd die donkie ... Hierdie sin is onvolledig. Skryf dit oor sodat dit 'n volledige sin vorm.

Hierdie sin se onderwerp is verswyg: Dit is vreemd, maar mense het nie altyd die donkie ...

4. Bestudeer die volgende sin uit paragraaf 3: In ou geskifte word hy selfs as 'n edele dier uitgebeeld.

4.1 Is hierdie 'n enkelvoudige of saamgestelde sin? Verduidelik.

Dit is 'n enkelvoudige sin. Daar is net een gesegde (werkwoord) naamlik *word uitgebeeld*. (Die hulpwerkwoord *word* vorm saam met die hoofwerkwoord *uitgebeeld* net een gesegde.)

4.2 Haal 'n bywoordelik bepaling van plek aan.

In ou geskifte ...

4.3 Skryf die gesegde van hierdie sin neer.

... word uitgebeeld ...

4.4 Haal 'n byvoeglike bepaling aan.

edele

5. Daarby het groot heersers dikwels esels bo enige ander diere verkies wanneer hulle vermoes reis (paragraaf 3).

5.1 Haal 'n bywoordelike bysin van tyd uit bostaande sin aan.

... wanneer hulle vêr moes reis ...

5.2 Haal 'n bywoordelike bepaling van tyd uit bostaande sin aan.

Dikwels.

6. Gee die verkleining van die woord *bergpaaie* (paragraaf 3).

bergpaadjies

7. Haal 'n woord uit paragraaf 5 aan wat dieselfde beteken as koppig, eiesinnig.

Halsstarrig.

8. Die woorde *spreekwoordelike esel* kom in paragraaf 6 voor. Hier word verwys na die spreekwoord *so dom soos 'n esel*. Skryf nou 'n spreekwoord neer waarin die esel in 'n positiewe lig gestel word.

Hy werk so hard soos 'n esel.

9. Die woord *agterbly* kom in paragraaf 6 voor. Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sin: Die (agterbly) van die dorpie moes hard werk om die dorpie weer na die oorstromings reg te ruk.

Agtergeblewenes.

10. Haal 'n voorbeeld van 'n infinitief uit paragraaf 6 aan.

Om te beskerm.

11. Skryf die grondwoord van die woord *gesog* (paragraaf 7) neer.

Soek.

12. Donkiemelk is ook baie voedsaam en is ongetwyfeld deur die eeue heen deur baie stamme en volkere gedrink.

12.1 Skryf die hoofsin neer.

Donkiemelk is ook baie voedsaam.

12.2 Skryf die neweskikkende sin neer.

En is ongetwyfeld deur die eeue heen deur baie stamme en volkere gedrink.

12.3 Hoe 'n lang tydperk is 'n eeu, 'n dekade en 'n millennium?

Eeu = 100 jaar; dekade = 10 jaar; millennium = 1000 jaar.

13. Skryf die verkleining van die woord *koningin* (paragraaf 7) neer.

Koninginnetjie.

14. Watter soort sin is die laaste sin in die teks?

Uitroepsin.

Aktiwiteit 83: Geïntegreerde taalleeroefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Skryf die antoniem van die woord *verminder* (paragraaf 1) neer.

Vermeerder.

2. Die woord *niemand* kom in paragraaf 1 voor. Tot watter woordsoort behoort hierdie woord? Benoem volledig.

Onbepaalde voornaamwoord.

3. Vorm 'n persoonsnaam van die volgende woorde tussen hakies:

3.1 Die nors man het die (lagterapie) (paragraaf 2) besoek.

Lagterapeut.

3.2 Die (tegniek) (paragraaf 4) het die apparaat wat die mense gaan kielie, opgestel.

Tegnikus.

4. Dit versterk intelligensie en verhoog prestasie (paragraaf 2).

4.1 Is hierdie 'n enkelvoudige of 'n veelvoudige sin? Verduidelik.

Veelvoudige sin: hoofsin (Dit versterk intelligensie) plus 'n neweskikkende sin (... en verhoog prestasie).

4.2 Skryf hierdie sin oor in die lydende vorm.

Intelligensie word versterk en prestasie word verhoog.

5. Skryf die vroulike vorm van die woord *instrukteur* (paragraaf 4) neer.

Instruktrise.

6. Bestudeer die volgende saamgestelde sin noukeurig: “**Wanneer 'n mens lag**, verlaag dit nie net die stresvlakke nie, maar hou dit ook in bedwang” (paragraaf 5).

6.1 Skryf die hoofsin neer.

Dit verlaag nie net die stresvlakke nie.

6.2 Benoem die vetgedrukte sin.

Bywoordelike bysin van tyd.

6.3 Watter soort sin is *maar hou dit ook in bedwang*?

Teenstellende neweskikkende sin.

7. Van watter grondwoord is die woord *bedwang* (paragraaf 5) afgelei?

Dwing.

8. Waarom word die woord *bloeddruk* met twee d's gespel?

Dit is 'n samestelling van 'n woord waarvan die eerste met 'n d eindig en die tweede met 'n d begin.

9. Haal die infinitief uit paragraaf 6 aan.

Om te lag.

10. Van watter grondwoord is die woord *genotvol* (paragraaf 7) afgelei? Gee die korrekte vorm van die woord in die volgende sin: Die (genotvol) van die wêreld laat 'n mens op vreemde paaie gaan.

Geniet. Genietinge.

11. Skryf 'n byvoeglike bysin uit paragraaf 7 neer.

... wat ons laat goed voel ...

Week 25 en 26

My lyf is my woning

Aktiwiteit 84: Moderering van die mondelinge komponent

Aktiwiteit 85: Maak 'n opsomming

Voorgestelde memorandum

Voorsorgmaatreëls by tatoeëring

Let op na die volgende aspekte voordat jy 'n tatoe laat aanbring. Kies 'n professionele tatoeëerkunstenaar met 'n lisensie wat jou veilig sal laat voel. Minderjariges moet eers die toestemming van hul ouers kry. Die werkoppervlakte en instrumente moet skoon en higiënies wees en daar moet voldoende lig wees. Gebruikte ink moet weggegooi en nie herwin word nie. Die kunstenaar moet akkuraat werk en handskoene dra om infeksie te voorkom. Die kliënt moet ingelig word oor die behandeling van die merke.

(81 woorde)

Aktiwiteit 86: Die studie van die letterkunde: Gedigte

Aktiwiteit 87: Skryf 'n klagtebrief

Aktiwiteit 88: Sinsleer: Direkte en indirekte rede

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Skryf die volgende sinne wat in die direkte rede is oor in die indirekte rede:
 - Die kêrel sê aan sy meisie: "Aitsa! Jy lyk asemrowend!"
Met bewondering sê die kêrel aan sy meisie dat sy asemrowend lyk.
 - Die oupa het gesê: "Ek was gister siek."
Die oupa het gesê dat hy die vorige dag siek was.
 - "Ek is gekies as prefek vir volgende jaar," sê die graad 11-leerder.
Die graad 11-leerder het verheug gesê dat hy as prefek gekies is vir die jaar daarna.
- Skryf die volgende sinne wat in die indirekte rede is oor in die direkte rede:
 - Die speler het met vreugde uitgeroep dat hulle gewen het.
"Hoera! Ons het gewen," roep die speler.
Die speler roep: "Hoera! Ons het gewen."
 - Die oumatjie het hartseer gesê dat haar geliefde eggenoot daardie oggend oorlede is.
"My geliefde eggenoot is vanoggend oorlede," huil die oumatjie.
Die oumatjie snik: "My geliefde eggenoot is vanoggend oorlede."

Aktiwiteit 89: Lydende en bedrywende vorm

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Skryf die volgende sinne wat in die bedrywende vorm is oor in die lydende vorm:
 - Toe haar ouers daar opdaag, was die tatoe klaar aangebring.
Die tatoe was reeds aangebring teen die tyd dat haar ouers daar opgedaag het.
 - Hulle ouers praat nie meer oor die tatoeëerings nie.

Oor die tatoeëerings word daar nie meer gepraat nie.

2. Skryf die volgende sinne wat in die lydende vorm is oor in die bedrywende vorm:

2.1 Die tatoe is deur die kunstenaar aangebring.

Die kunstenaar het die tatoe aangebring.

2.2 Daar word op sy lyf getatoeëer.

Hulle tatoeëer sy lyf.

Aktiwiteit 90: Geïntegreerde taalleeroefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat beteken *Jan Rap en sy maat* (paragraaf 1)?

Elkeen, almal, sonder onderskeid.

2. In paragraaf 2 is daar 'n voorbeeld van kontaminasie. Skryf dit neer en verduidelik hoe dié woorde saamgestel is.

Die woord *in pleks van* is saamgestel uit *in die plek* en *in plaas van*.

3. Die woord *kus* (paragraaf 2) het twee meervoude. Maak 'n sin met elk om die betekenisverskil aan te dui.

Die kuste langs die see van Maputo is ongerep.

Hy het baie kusse op sy verjaarsdag gekry.

4. Die woord *tatoeëermerk* word met 'n deelteken geskryf om die begin van die nuwe lettergreep aan te dui. Skryf die volgende sin oor en plaas deelttekens op waar nodig. Nadat sy op 'n dieet gegaan het, het haar **tatoeëermerk** gekrimp en was dit 'n **finansiële** terugslag, want sy moes dit ten duurste met laser laat verwyder.

5. Die woord *vel* word in paragraaf 3 gebruik. Gebruik die homofoon van dié woord in 'n sin.

Die son brand fel en hy trek sy oë op skrefies om die son uit te hou.

6. Watter enkele woord in paragraaf 3 dui daarop dat 'n tatoeëermerk dalk nie permanent kan wees nie?

Feitlik.

7. Skryf die twee basisse waaruit die woord *oorspronklik* (paragraaf 4) saamgestel is, neer.

Oor + spring.

8. Bestudeer paragraaf 4 met aandag. Haal al die woorde wat diftonge bevat aan en onderstreep die diftonge wat daarin voorkom.

Gaatjie (uitgespreek as gaaikie), vryf.

9. Vorm 'n werkwoord van die woord *proses* (paragraaf 5) in die volgende sin:

Die kok (proses) die kos vir latere gebruik.

Prosesseer.

10. Die woorde *gesteriliseerde*, *verbind* en *beweeg* kom in paragraaf 5 voor. Gee die korrekte vorm van dié woorde in die volgende sinne:

10.1 Na die (gesteriliseerde) van die naalde kon die kunstenaar begin om die motief te tatoeëer.

Sterilisasie.

10.2 Hy is (verbind) aan 'n salon met hoë higiëniese standaarde.

Verbonde.

10.3 Die meisie was (beweeg) toe sy sien dat die man 'n ander naam op sy arm getatoeëer het.

Bewoë.

11. Gee die antonieme van die woorde *permanente* en *lewenslange* (paragraaf 6) in die volgende sinne:

11.1 Dit was nie 'n permanente betrekking nie, maar 'n ... een.

Tydelike.

11.2 Dit was nie 'n lewenslange verbintenis nie, maar 'n ... een.

Kortstondige.

12. “Die meeste mense *kies* hul tatoeëermerk om belangrike fases in hul lewens te gedenk” (paragraaf 7). Voltooi: Dit is dus 'n belangrike (kies), want die (kies) ontwerp is jou metgesel vir 'n leeftyd.

Keuse, gekose.

13. Skryf *100%* (paragraaf 8) in woorde uit.

Honderd persent.

14. Skryf die korrekte Afrikaanse woord vir *dare* neer as 'n verkleinwoord.

Uitdaginkie.

15. Vorm 'n werkwoord van die woord *tipe* (paragraaf 9) in die volgende sin:

Hy word (tipe) as 'n bullebak omdat hy 'n skedel op sy voorarm en 'n slang om sy nek getatoeëer het.

Tipeer.

16. Die woord *pas* kom in paragraaf 9 voor. Maak 'n paar sinne met die woord om sy verskillende betekenismoonlikhede aan te dui.

Hy ry deur die pas. Hy pas sy sussie op. Sy pas 'n rok aan in die modewinkel. Hulle pas nie by mekaar nie.

17. Gee die meervoud van die vetgedrukte woord uit die teks:

Die **gesondheidsrisiko** daaraan verbonde het hom laat twyfel of hy hom sommer deur die strandloper sal laat ink.

Gesondheidsrisiko's.

18. Gee die teenoorgestelde van die woorde *ten duurste* (paragraaf 12).

Goedkoopste (nie ten goedkoopste nie).

19. Watter betekenisverandering sal die woorde *gier* en *versier* (albei in paragraaf 13) ondergaan as dit oorrond uitgespreek word?

Gier sal verander in guur (onplesierig, skraal, snerpend koud): Die weer is guur.

Versier sal verander in versuur (verbitterd, onaangenaam): Sy lewe word versuur deur 'n swak gesondheid.

Aktiwiteit 91: My eie spellys

Musiek 'n universele taal

Aktiwiteit 92: Moderering van die mondelinge komponent

Aktiwiteit 93: Leesbegrip

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die hoofitel van hierdie leesstuk is *musieksnippers*. Wat word, sonder om die teks te lees, hiermee bedoel?

Dit dui daarop dat daar verskillende kort stukkies (snippers) gaan wees wat oor musiek handel.

2. Die eerste musieksnipper se titel is 'n vraag. Wat word so 'n vraag genoem en wat is die funksie daarvan?

Retoriese vraag en dit betrek die leser direk.

3. Haal 'n woord uit paragraaf 1 aan wat dieselfde beteken as *wêreldlik*.

Sekulêre.

4. Haal twee woorde uit paragraaf 2 aan wat daarop dui dat orrelmusiek oorwegend gemeentesang begelei.

Oorheersende rol.

5. Het die orrelis van 'n draaiorrel enige musiekopleiding (paragraaf 4) nodig gehad? Verduidelik.

Nee, slegs een draaibeweging is nodig om hierdie instrument musiek te laat maak.

6. Bestudeer paragraaf 5 noukeurig.

6.1 Hierdie paragraaf begin met 'n stelling. Watter wanpersepsie spreek dit aan?

Mense dink gewoonlik dat doedelsakke 'n Skotse instrument is.

6.2 Met watter ander paragraaf hou hierdie stelling direk verband?

Paragraaf 7.

7. Watter suggestie omtrent 'n doedelsak kom in die volgende woorde voor? *Hulle hou in elk geval tot vandag nog daarmee uit.*

Daar word gesuggereer dat die klanke van 'n doedelsak nie 'n melodieuse musiekklink is nie.

8. Wat beteken die uitdrukking in paragraaf 8 *Nero speel viool terwyl Rome brand?*

Die probleem word geïgnoreer.

9. Dit is 'n wanpersepsie dat Nero viool gespeel het. Verduidelik hierdie stelling.

Hy kon nie viool gespeel het nie, want die viool het nie bestaan nie. Hy het heel moontlik 'n lier bespeel.

10. Het die teatergangers in Napels met Nero se debuut gevlug omdat hy 'n swak sanger was? Motiveer.

Nee, daar was 'n aardskudding.

11. Watter plan het vindingryke mense met Nero se daaropvolgende optrede getref om van sy eidelose opvoering te kon ontsnap?

Een het gemaak of hy dood is en twee het hom uitgedra.

12. Haal 'n emotiewe woord uit paragraaf 10 aan wat 'n negatiewe konnotasie aan die konsert gee.

Affêre.

13. Waarom is die gebruik van die woord *eindelose* in paragraaf 10 hiperbolies?

Dit is 'n vergroting, want die konsert moes een of ander tyd eindig.

Aktiwiteit 94: Die studie van die letterkunde: Drama

Aktiwiteit 95: Skryf 'n resensie

Aktiwiteit 96: Geïntegreerde taalleeroefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die titel met aandag.

1.1 Verduidelik die gebruik van die ellips in die titel.

Dit is 'n gedeelte van die sin wat weggelaat is. Dit is dus 'n onvoltooide sin. Die gedeelte wat weggelaat is, verwys na die Toyota Tazz in die teks. Daar moet dus staan: *Hierdie Toyota Tazz van Niel Scheepers* is die hardste "hi-fi" in die ganse Laeveld.

1.2 Gee 'n suiwer Afrikaanse woord vir die woorde tussen aanhalingstekens.

Die woord "hi-fi" verwys na 'n hoëtroustel (musieksentrum).

2. Bestudeer paragraaf 1 noukeurig. Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies in die onderstaande sinne:

2.1 Die (aanspreek) (persoon wat aangespreek word) het hom nie gesteur aan die baie lawaai wat die motor maak nie.

Aangesprokene.

2.2 Die (dink) het selde by hom opgekom om oor die musiek te kla.

Gedagte.

2.3 Hy het 'n hoë (dink) van homself en glo sy musieksentrum in sy motor maak die mooiste én hardste musiek.

Dunk.

3. Iemand wat kla, dien 'n ... by die polisie in.

klagte

4. Die woord *rede* kom in paragraaf 1 voor.

4.1 Skryf dié woord se twee betekenisse neer.

Om 'n rede te verskaf. Die menslike rede (verstand).

4.2 Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sin: Hy dink nie meer (rede) nie, want hy is te moeg en het te min geslaap.

Rasioneel.

5. Skryf die twee meervoude van *buurman* (paragraaf 2) neer.

Buurmanne en bure.

6. Van watter woord is die woord *rits* (paragraaf 3) afgelei? Gee ander soortgelyke woorde wat deur middel van klinkerwisseling van dieselfde woord afgelei is.

Ry. Ander woorde wat van ry afgelei is: rit, reis, berede.

7. Gebruik die kern van die woord *buurman* (paragraaf 2) as 'n bepaler in 'n samestelling.
Enige woord met *man* as bepaler: manslag, mandag, manalleen, mangat, ensovoorts.
8. Waarom word die woord (*heelwat*) tussen hakies geplaas in paragraaf 3?
Dit beklemtoon dat die klank eintlik heelwat meer geraas as Boeing- enjins, rock-groepe en 'n groot disko maak.
9. Die woord *disko* (paragraaf 3) se meervoud is disko's. Gee die meervoude van die volgende deur te let op die gebruik van die afkappingsteken by die meervoud: kombi, kano, karba, sofa, ouma en stiefma.
Kombi's, kano's, karba's, sofas (geen afkappingsteken), oumas (geen afkappingsteken) en stiefma's.
10. Waarvoor staan die afkorting *me.* (paragraaf 4)?
Vroulike persoon, dus 'n mej. of 'n mev.
11. Gee die korrekte vorm van die woord *kompetisie* (paragraaf 4) in die volgende sin: Hy (*kompetisie*) gedurig met sy vriende.
Kompeteer.
12. Skryf neer of die woord *toestand* (paragraaf 5) 'n simpleks of 'n kompleks is en verduidelik.
Dit is 'n simpleks, want die woord het nie voegsels (voor- en/of agter-) nie. Die woord is slegs 'n basis en kan nie morfologies ontleed word nie.
13. *Die klankstelsel is oor 'n tydperk van vyf maande in die motor ingebou.* (paragraaf 10). Wat noem ons 'n tydperk van ...
- 13.1 drie maande – **Kwartaal.**
- 13.2 vier maande – **Termyn.**
- 13.3 ses maande – **Semester.**
14. Die woord *versterker* kom in paragraaf 11 voor. Gee die betekenis van die voorvoegsel *ver-* in hierdie woord.
Die voorvoegsel beteken om sterker te maak.
15. Gee die twee meervoude van *motor* (paragraaf 12) en verduidelik hoe dié meervoude 'n verskil in betekenis bewerkstellig.
Motors (karre) en motore (enjins) van vliegtuie.
16. Skryf slegs die kern van die woord *bewe* (paragraaf 12) neer.
Beef.
17. Die sin in paragraaf 6 is 'n voorbeeld van emotiewe taal. Skryf die sin oor in nugter, neutrale taal.
Die klankstelsel in Scheepers se motor is hard.
18. *Sy is gek na klassieke musiek, en hy hou weer van heavy metal* (paragraaf 9). Skryf hierdie sin oor in die negatief.
Sy is nie gek na klassieke musiek nie, en hy hou weer nie van heavy metal nie.
19. *Gelukkig woon die Scheepse op 'n hoewe buite Nelspruit* (paragraaf 14). Skryf hierdie sin oor in die verlede tydsvorm.
Gelukkig het die Scheepse op 'n hoewe buite Nelspruit gewoon.

Week 29 en 30

Vorbereidende eksamen

Aktiwiteit 97: Vorbereidende eksamen

Sien aparte afdeling vir memorandum van 'n voorbeeld-eksamenvraestel .

Kwartaal 4

Week 31 en 32

Haal asem en begin hersien

Aktiwiteit 98: Moderering van die mondelinge komponent

Aktiwiteit 99: Opsomming

Voorgestelde memorandum vir opsomming

Kernsinne:

1. Twee uit elke drie graad 10-leerders behaal nooit matriek nie. (10)
2. Tieners wat fliëk kyk waarin akteurs drink, is meer geneig om alkohol te gebruik. (14)
3. Sosiale media maak tieners bewus van ander se behoeftes. (9)
4. Die hoeveelheid tyd wat tieners aan tegnologie spandeer, is nadelig vir hul gesondheid. (13)
5. Wanneer tieners se selfone weggeneem word, raak hulle slaperig. (9)
6. Tieners glo nie dat drank en dwelms hul bestuursvermoë nadelig beïnvloed nie. (12)
7. Tieners, veral meisies, stuur video's na YouTube om vir kykers te vra of hulle mooi is, of nie. (18)

Paragraaf:

Interessante feite oor tieners

Twee uit elke drie graad 10-leerders behaal nooit matriek nie. Tieners wat fliëk kyk waarin akteurs drink, is meer geneig om alkohol te gebruik. Sosiale media maak tieners bewus van ander se behoeftes. Die hoeveelheid tyd wat tieners aan tegnologie spandeer, is nadelig vir hul gesondheid. Wanneer tieners se selfone weggeneem word, raak hulle slaperig. Tieners glo nie dat drank en dwelms hul bestuursvermoë nadelig beïnvloed nie. Tieners, veral meisies, stuur video's na YouTube om vir kykers te vra of hulle mooi is, of nie.

(85 woorde)

Aktiwiteit 100: Leesbegrip

Opdrag 2

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die titel van die teks. Hoe sluit die titel aan by die inhoud van die teks?
Die inhoud van die teks verduidelik waarom die rotsklimmers met spinnekoppe vergelyk word.
2. Skryf in jou eie woorde waarom rotsblokklim as 'n besondere uitdaging getipeer word.
Die rotse word sonder toue geklim en die klimproses is dus baie gevaarlik.
3. Hoe word dit uitgehef dat klimmers dwarsoor die wêreld in die Sederberge kom rotsklim?
Die opnoem van die verskillende nasionaliteite wat Rocklands besoek, naamlik: Russe, Italianers, Chilene, Brasiliane, Skandinawiërs, Duitsers, Engelse en

Amerikaners dui daarop dat klimmers van dwarsoor die wêreld kom rotsklim by Rocklands.

4. *Die rotsklimmer seil soos 'n wafferse geitjie kaalhand teen die rotswand uit* (paragraaf 2). Verduidelik waarom bostaande vergelyking treffend en baie gepas is.
- Die klimmers klim net so behendig en klou net so vas aan die rots soos 'n geitjie wat teen 'n rots uit seil.**
5. Verduidelik die eerste sin van paragraaf 4 in jou eie woorde.
- Die rotsklimmer entoesias dra 'n sakkie met kalk om sy middellyf waarin hy sy hand druk om dit droog te hou sodat hy beter kan vashou en hy nie gly as sy hande sweet nie.**
6. Wie is die *stoere boer* waarna in paragraaf 1 verwys word?
- Thys Kruger, mede-eienaar van Rocklands, het na homself as die stoere boer verwys.**
7. Is dit 'n geldige afleiding om te beweer dat die rotsklimmers ook natuurliefhebbers was? Staaf jou antwoord met 'n aanhaling uit die teks.
- Ja dit is 'n geldige standpunt. "Hulle kom roep my selfs voordat hulle 'n tak afsaag wat die rotswand versper waar hulle wil klim. Hulle sal altyd seker maak dis nie 'n bedreigde spesie nie."**
8. Waarna verwys die woorde *bedreigde spesie* in paragraaf 9?
- Dit verwys hier nie na diere nie, maar na die boomspezie waarvan hulle 'n tak wil afsaag.**
9. Wat sou 'n skyn-kitaarkompetisie (paragraaf 10) wees?
- Die deelnemers speel op 'n denkbeeldige kitaar en maak moontlik die kitaargeluide na.**
10. Bestudeer paragraaf 11 noukeurig. Watter twee sintuie word deur Anna Voegele ingespan om die atmosfeer in Rocklands te beskryf? Haal by albei woorde as bewys aan.
- Sigsintuig: ooptes, bobbejaanspore.**
Gehoorsintuig: die stilte en die roep van die bobbejane.
11. Wat beteken dit om seisoene na te jaag (paragraaf 12)? Verduidelik deur 'n voorbeeld te gee.
- Om agter sy gunsteling seisoen aan te trek. Hy besoek plekke volgens die voordeel wat dié seisoen inhou. In Suid-Afrika is dit koel genoeg in die winter om te kan rotsklim. ('n Mens kan seker nie in die snikhete somerson rotsklim nie!)**
12. In paragraaf 14 staan daar dat rotsklim jou kan leer om probleme op te los. Hoe dink jy kan rotsklim jou help om probleme op te los? Motiveer jou antwoord.
- Leerders gee hulle eie antwoorde.**
13. Bestudeer paragraaf 17 en 18 met aandag. Haal 'n woord uit die teks wat dieselfde beteken as ...
- 13.1 sonder om voor te gee – **onpretensieus**
- 13.2 in vrede leef – **harmonie**

Opdrag 2

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bewys uit die teks dat die veiling in die oggend plaasvind.
- Die veiling vind 10.30 vm. plaas. Die afkorting vm. beteken voormiddag/in die oggend.**
2. *Geen kontant sal tydens veiling aanvaar word nie.* Noem twee maniere waarop die kopers dan vir die voertuie kan betaal.

Bankgewaarborgde tjeks en elektroniese fondsoorplasinge.

3. *Voertuie sal voetstoots verkoop word.* Verduidelik in jou eie woorde wat met hierdie woorde bedoel word.

Die voertuig word verkoop net soos dit daar staan, met al sy sigbare en onsigbare gebreke.

4. Is hierdie nuwe of gebruikte voertuie? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Gebruikte voertuie. Die voertuie word voetstoots verkoop.

Nuwe voertuie word nie per veiling verkoop nie.

5. Watter tipe voertuig (uit die teks) sal na jou mening die beste deur 'n bloemistewinkel of 'n kleinerige bakkerij gebruik kan word? Motiveer jou keuse.

'n Paneelwa/Mercedes Benz Sprinter, want brood en blomme sal beskerm wees in 'n toe voertuig.

Opdrag 3

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Hoe het die skoolboelie in die afgelope 28 jaar fisies verander?

In 1984 was dit hoofsaaklik seuns wat fisies groot gebou was, wat die boelies was. Tans, in die tegnologiese eeu, is dit meisies wat die boelies is.

2. Hoe het die manier van boelie oor die 28 jaar verander?

In die ou dae het groter seuns die kleineres geboelie deur hulle af te knou. Tans kraak meisies mekaar af deur lelike dinge op Facebook of BBM te versprei.

3. Hoe kontrasteer die strafmaatreëls van 1984 teenoor dié van 2012?

In 1984 het 'n boelie 'n pakslae gekry. In 2012 is die skoolhoof radeloos, wat beteken hy weet nie hoe om kuberboelies te straf nie.

4. Verduidelik waarom die skoolhoof van 2012 visueel uitgebeeld word met:

4.1 sy hand in sy hare

Die uitdrukking *met jou hand in jou hare sit* beteken jy twyfel hoe om iets te hanteer. In die spotprent beeld dit dus die skoolhoof se twyfel hoe om teenoor kuberboelies op te tree, uit.

4.2 sy hand voor sy mond

Die skoolhoof se hand voor sy mond beeld uit dat hy sprakeloos is oor wat kuberboelies alles op die web van maats versprei.

Aktiwiteit 101: Hersiening van letterkundige begrippe

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Kies die korrekte woord uit die raampie en skryf dit langs die nommer neer.

hoofteks, motoriese moment, klimaks, toneelaanwysings, ontknoping, milieu, rekwisiete, ontwikkelingsfase, dramaturg, regisseur

1.1 Dit is die dialoog, met ander woorde dit wat die spelers vir mekaar sê. **Hoofteks.**

1.2 Die oomblik wanneer die handeling aan die gang gesit word. **Motoriese moment.**

1.3 Die verloop van die drama. **Ontwikkelingsfase.**

1.4 Los items op die verhoog soos handsakke, eetgerei en ander items. **Rekwisiete.**

- 1.5 In die ____ word instruksies aan die spelers gegee van hoe hulle moet optree en watter handeling hulle moet uitvoer. **Toneelaanwysings.**
- 1.6 Hier bereik die botsings 'n breekpunt. 'n Oorwinning word behaal of 'n ooreenkoms word bereik. **Klimaks.**
- 1.7 Die drama neem 'n wending na die een of die ander kant toe. 'n Duidelike afname in spanning is waarneembaar. **Ontknoping.**
- 1.8 Die tyd en ruimte waarin die drama afspeel. **Milieu.**
- 1.9 Die skrywer van die drama. **Dramaturg.**
- 1.10 Hy rig die toneelspelers af. **Regisseur.**

2. Vul die ontbrekende woorde in:

Die hoofkarakter is die sentrale figuur waarom die gebeure in 'n verhaal draai. Hy ondergaan karakterontwikkeling in die verhaal. Dit is die persoon wat die leser die beste leer ken en wie se innerlike en uiterlike die volledigste uitgebeeld word. Die persoon bly konstant op die voorgrond en is die middelpunt van die ander karakters se gesprekke en gedagtes.

3. Pas die korrekte beskrywing by die korrekte term. Skryf die syfer in kolom A en die korrekte letter in kolom B daarby.

Antwoord	Kolom A	Kolom B
1. g	1. Die plan waarvolgens 'n verhaal ontwikkel.	a. Fragmentariese tydsverloop
2. i	2. Dit is wanneer tyd op mekaar volg,	b. Retoriese vraag
3. a	3. Die tydsverloop volg mekaar nie op nie, maar wissel mekaar af.	c. Illusie van die werklikheid
4. h	4. Die lewenswaarheid of -insig wat uit 'n verhaal spruit.	d. Innerlike botsing
5. b	5. Op hierdie vraag verwag jy nie 'n antwoord nie.	e. Vertelde tyd
6. j	6. Dit dui op vooruitgang of ontwikkeling.	f. Newekarakters
7. c	7. Die verbeelde werklikheid.	g. Intrige
8. d	8. Konflik in die karakter se gemoed.	h. Tema
9. e	9. Die tydperk waarin die gebeure afspeel, byvoorbeeld in die 16de eeu.	i. Chronologiese tydsverloop
10. f	10. Bykomende karakters wat betrek word om die hoofkarakter te belig.	j. Progressie

Aktiwiteit 102: Hersiening van stelwerk: Opstel

Aktiwiteit 103: Skryf 'n opstel

Aktiwiteit 104: Geïntegreerde taalleoefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Bestudeer die titel noukeurig.

1.1 Waarom is die titel tussen aanhalingstekens geskryf? (1)

Dit is die direkte woorde uit 'n liedjie.

(1)

1.2 Watter enkele woord is verander om by die inhoud van die teks te pas? (1)

Ruspe. (1)

1.3 Wat was die oorspronklike woorde van dié liedjie? (1)

Toe ek nog eens 'n kalfie was ... (1)

2. Die woord *berig* word in paragraaf 2 gebruik. Gebruik nou die woord *berug* in 'n goeie sin. (1)

Berug = negatief bekend.

Die geslepe skelm is berug in die onderwêreld. (1)

3. Die woord *bevind* (paragraaf 2) se stam is *vind*. Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sin:

Die seerowers het verskeie (vind) in die see langs die kuslyn gevind. (1)

Vondste. (1)

Die meervoud van vonds (iets wat gevind is) is vondste, maar die meervoud van fonds (gelde) is fondse.

4. Gee die korrekte vorm van die woorde *trek* (paragraaf 3), *beweeg* (paragraaf 4), *kies* en *ruik* (paragraaf 7) in die volgende sinne:

4.1 Die (kies) leier het gesorg dat die navorsing voortgesit word. (1)

Gekose. (1)

4.2 Sy was (beweeg) en het 'n traan weggepink. (1)

Bewoë. (1)

4.3 Hy is (aantrek) tot die mooi meisie. (1)

Aangetrokke. (1)

4.4 Die (trek) lug het reën voorspel. (1)

Betrokke. (1)

Onthou dat sterk verlede deelwoorde deur klinkerwisseling/ metamorfeme gevorm word. Die vokale/klinkers ondergaan 'n verandering.

5. Die woord *mening* kom in paragraaf 3 voor. Voltooi die volgende uitdrukking: Hy het sy mening ... en gesê presies hoe hy oor die wonderkinders voel. (1)

Gelug. (1)

'n Mens LUG jou mening (nie lig jou mening nie!). Onthou dat jy asem (dit wil sê LUG) gebruik om te praat – vandaar die uitdrukking om jou mening te LUG.

6. Gee die woordbetekenis van die volgende:

6.1 metamorfose (paragraaf 3) (1)

Reeks verandering wat 'n larwe deurmaak tot volwassenheid. (1)

6.2 morfologie (paragraaf 4) (1)

Leer van die vorm en bou (organismes/woorde). (1)

7. Waarom word die woord *kollegas* (paragraaf 6) nie met 'n afkappingsteken gespel nie, maar die woord *karba's* wel? (1)

Die woord kollegas eindig nie op 'n beklemtoonde a nie, maar karba'swel. (1)

8. Waarom word *Manduca sexta* (paragraaf 6) skuins gedruk? (1)

Dit is die wetenskaplike naam vir die tabakhoringwurm. (1)

9. Skryf 78% (paragraaf 7) in woorde uit. (1)

- Agt en sewentig persent of agt-en-sewentig persent. (1)**
- Nie present nie! 'n Present is 'n geskenk.**
10. Gee die meervoud van die woord *chemikalie* (paragraaf 7). (1)
- Chemikalieë. (1)**
11. Die woord *vermy* kom in paragraaf 7 voor. Maak 'n goeie sin met die homofoon van die woord (dus die woord *vermei*). (1)
- Die woord vermei beteken verlustig. Sy het haar vermei in die streelsagte musiek. (1)**
12. Bestudeer die gebruik van die aanhalingstekens in paragraaf 10.
- 12.1 Waarom die gebruik van die dubbele aanhalingstekens by "Mense... vorm,"? (1)
- Dit is Weiss se direkte woorde en word dus tussen aanhalingstekens geskryf. (1)**
- 12.2 Waarom die gebruik van die enkel aanhalingsteken by die woord 'sop'? (1)
- Hierdie is 'n aanhaling binne 'n aanhaling en dit word dus met enkel aanhalingsteken geskryf. Die woord sop word buite konteks gebruik. (1)**
13. Van watter woord is die woord *herinneringe* (paragraaf 11) afgelei? (1)
- Herinner. (1)**
- Onthou: Nie herhinder nie!**
14. Gebruik die bepaler van die woord *wyfiemotte* (paragraaf 13) as 'n kern in 'n samestelling. (1)
- Enige samestelling met die bepaler (wyfie) as kern: leeuwyfie, kalkoenwyfie ensovoorts. (1)**
- Die kern is die laaste deel van die woord. Dus moet die woord wyfie die laaste deel van die woord vorm.**
15. Skryf neer of die volgende woord 'n samestelling, 'n afleiding of 'n samestellende afleiding is.
- 15.1 naellakverwyderaar (paragraaf 6) (1)
- Samestellende afleiding. (1)**
- Die woord bestaan uit drie basisse: nael + lak + verwyder plus die agtervoegsel -aar.**
- 15.2 bevinding (paragraaf 12) (1)
- Afleiding. (1) Die woord bestaan uit een basis: vind plus 'n voorvoegsel be- en 'n agtervoegsel -ing.**
16. Wat is die betekenis van die voorvoegsel *her-* in die woord *herrangskik* (paragraaf 10)? (1)
- Her- beteken weer. (1)**
- Let ook op die gebruik van dié voorvoegsel in: hergeprogrammeer (paragraaf 3), herv verbind (paragraaf 12). By al dié woorde beteken die voegsel ook weer.**
17. Die woord *lê* kom in paragraaf 13 voor. Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende sin: Die (aflê) van die werkers het baie trauma veroorsaak. (1)
- Aflegging. Let op die spelling! (1)**

Maak die leer-tier in jou wakker!

Aktiwiteit 105: Moderering van die mondelinge komponent

Aktiwiteit 106: Hersien visuele geletterdheid – Media24-advertensie

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Kyk na die woorde van die advertensie. Dit is op 'n bepaalde manier gedruk. Waaraan herinner dit? (2)
Dit herinner aan 'n verklarende woordeboek. (1) Dit is op dieselfde wyse gedruk. (1)
2. Bestudeer die illustrasie noukeurig.
 - 2.1 Hoe sluit die prent by die woord *ramkat* aan? Verduidelik volledig. (1)
Die prentjie stel 'n ramkat voor. Dit is 'n kombinasie van 'n ram en 'n kat. Dit het die ram se horings en hoewe, maar die res van die lyf en kop lyk soos 'n kat. (1)
 - 2.2 Is die prentjie 'n letterlike of figuurlike uitbeelding van die woord *ramkat*? (1)
Letterlik. (1)
3. Wat is die skryfstyl in hierdie advertensie? (1)
Humoristies. (1)
4. Wat beteken die woord *skerts* wat langs die woord *Ramkat* staan? (1)
Grappig/snaaks/pittig. (1)
5. Bestudeer die volgende en beantwoord die vrae wat daarvoor gestel is: *Afrikaans is 'n uithaler van 'n taal! Vir lekkersê, slegsê en rammetjie-uitnek wees. Afrikaans – jou ramkat!*
 - 5.1 Watter twee woorde hierin vorm 'n direkte kontras? (2)
Lekkersê (1) en slegsê (1) (2)
 - 5.2 Wat beteken dit om *rammetjie-uitnek* te wees? (1)
Dit is om afwyserig, windmakerig, parmantig te wees. (1)
 - 5.3 Die woorde *jou ramkat* word op twee maniere uitgehef. Skryf albei neer. (2)
Die aandagstreep. (1) Die uitroepteken. (1)
6. Hoe lank bestaan (volgens die advertensie) die tydskrif *Insig* al? (1)
19 jaar. (1)
7. Bestaan dié tydskrif nog? (1)
Dit is bitter ongelukkig, maar dié tydskrif bestaan nie meer nie. (1)
8. *Met ... verskeie van die land se voorste mediatoekennings onder die belt, is Insig 'n ramkat van 'n tydskrif.*
 - 8.1 Wat beteken die uitdrukking *onder die belt* gewoonlik? (1)
Dit word gewoonlik van iets gesê wat nie in die geselskap tuishoort nie. Dit het 'n kru/seksuele ondertoon. (1)
 - 8.2 Hierdie uitdrukking word hier op 'n vreemde manier gebruik. Skryf die sin oor en vervang die uitdrukking met 'n ander gepaste een. (1)
Met ... verskeie van die lands se voorste mediatoekennings op sy kerfstok/wat ingepalm is ... (1)

Aktiwiteit 107: Leesoefening: Respekteer bleeksiele

Vrae en voorgestelde antwoorde

Leerders bestudeer die **illustrasie**:

1. Watter kontras word daar in die illustrasie uitgebeeld? (2)
Die bleeksiel se maer lyf teenoor die fris man se gespierde lyf. (2)
2. Wat merk jy op omtrent die bleeksiel se glimlag? (1)
Hy het ortodontiese drade aan sy tande. (1)
3. Beskryf die fris seun se gesigsuitdrukking in een enkele woord. (1)
Enige gepaste beskrywing in één woord: selftevredenheid. (1)

Leerders skryf die volgende wenk neer: As daar één woord gevra word, skryf net een woord neer. 'n Omskrywing kan as verkeerd nagesien word.

Leerders lees die **teks** en beantwoord die vrae:

1. Watter soort sin is die titel? (1)
Die titel is 'n opdrag/bevel. (1)
2. Hoe sluit die subtitel daarby aan? (1)
Die rede vir hierdie opdrag word in die subtitel gegee. (1)

Leerders skryf die volgende wenk neer: Jou antwoorde moet in dieselfde volgorde as die vrae wees. As jy dit in die verkeerde volgorde beantwoord, kan albei verkeerd wees.

3. Paragraaf 1 en 2 gee 'n tipiese beskrywing van 'n bleeksiel. Wat noem 'n mens dit as alle bleeksiele so beskryf word? (1)
Stereotipering. (1)
4. Bestudeer die gebruik van die woord "Speedo" in paragraaf 2.
 - 4.1 Waarom word dié woord tussen aanhalingstekens geskryf? (1)
Die woord word buite konteks gebruik. Dit is nie werklik 'n Speedo nie, maar 'n groot swembroek. (1)
 - 4.2 Is die gebruik van dié woord *ironie, sarkasme of suggestie*? (1)
Dit is sarkasties. (1)
5. Watter enkele woord in paragraaf 3 hou verband met die soort uitbeelding in die illustrasie? (1)
Karikatuuragtige. (1)
6. Is die gebruik van die Engelse woord *cool* en *nerd* gepas in dié teks? (1)
Dit is gepas, want die teikenmark is tieners en dit pas aan by hulle taalgebruik. (1)
7. Bestudeer paragraaf 7 noukeurig. Is die eerste sin in hierdie paragraaf 'n **feit** of 'n **bewering/mening**? Motiveer jou antwoord. (2)
Dit is 'n bewering/mening. Alhoewel navorsing gedoen is, dui die woord baie dat dit nie op almal van toepassing is nie. Daar kan dus uitsonderings wees. (2)
8. Word die uitdrukkings *die wiel begin draai* (paragraaf 5) en *agter die kap van die byl kom* (paragraaf 16) letterlik of figuurlik bedoel? Skryf ook die betekenis van die twee uitdrukkings neer. (3)

- Figuurlik. (1) Dinge begin verander. (1) Begryp hoe dinge aanmeakaarsit. (1) (3)**
9. Wat is die funksie van die ellips in paragraaf 5? (1)
Die leser kan nadink oor dié stelling. (1)
10. Waarom word daar in paragraaf 6 verwys na *Baywatch*-klone? (2)
Baywatch is 'n televisieprogram waarin die mans besonder fris gebou is. 'n Kloon verwys daarna dat mans soos dié akteurs in *Baywatch* lyk. (2)
11. Waarom word die woord *Drillbit Taylor* (paragraaf 8) skuins gedruk? (1)
Dit is die naam van die tienerflik en word daarom skuins gedruk. (1)
12. ... skryf een resensent dat een van die akteurs met sy “visgraatlyf, woeste Einstein-krulhare en warmaartappelvasknyp-stappie” help om status aan die rolprentbedryf ... (paragraaf 8).
 12.1 Benoem en verduidelik die beeldspraak in die woord *visgraatlyf*. (2)
Metafoor. (1) Die maer lyf van die akteur lyk soos 'n visgraat. (1) (2)
 12.2 Waarom is die gebruik van die woord *Einstein-krulle* gepas? (1)
Einstein was ook besonder slim (net soos die bleeksiele) en het net so 'n woeste bos hare gehad. Sy hare is kenmerkend aan hom. (1)
13. Die term *tegnologies gestrem* (paragraaf 10) verwys na iemand wat nie baie rekenaarvaardig is nie. Die term *gestrem* word baie gebruik as 'n ding nie by die naam genoem wil word nie, byvoorbeeld *haargestrem* in plaas van 'n *bleskop*. Om watter rede word die woord *gestrem* telkens gebruik? (1)
Dit is polities korrek en niemand word deur dié benaming te na gekom nie. (1)
14. Hoe word Bill Gates se besondere eienskappe in paragraaf 11 uitgehef? (1)
Deur die gebruik van verskeie byvoeglike naamwoorde in die *oortreffende trap*. (1)
15. Waarvoor is Bill Gates bekend? (1)
Hy is een van die rykste mense in die wêreld. Hy is besturende direkteur van *Microsoft* en dit het hom skatryk gemaak. (1)
16. Haal twee woorde uit paragraaf 12 aan wat daarop dui dat bleeksiele nie sommer net goedsmoeds nie, maar met mening gespot word. (2)
Aktief geteister. (2)
17. In paragraaf 13 staan daar: “Party martel bleeksiele weens **dieselfde rede** wat hulle 'n spinnekop se pote sal afbreek” Van watter rede is hier sprake? (1)
Hulle vind foltering *vermaaklik*. (1)
18. Watter funksie vervul die parentese (inlassin) in paragraaf 15? (1)
Dit beklemtoon die woorde dat bleeksiele in baie opsigte hul meerdere is. (1)
'n Parentese is 'n inlassin. Dit kan tussen twee kommas of tussen twee aandagstrepe staan.
19. Waarvan is paragraaf 16 'n sprekende voorbeeld? (1)
Die hoë taalgebruik van 'n bleeksiel. Die breë woordeskat dui op sy intelligensie. (1)
20. Haal 'n woord uit die teks aan wat dieselfde beteken as...
 20.1 Iemand wat 'n boek, kunswerk, film, ensovoorts beoordeel. (1)
Resensent (paragraaf 8). (1)
 20.2 Iemand wie se waarde nie erken of waardeer word nie. (1)

Miskende (paragraaf 8). (1)

20.3 Marteling (1)

Foltering (paragraaf 14). (1)

21. Waarna verwys die *Profetiese woorde* in die slotparagraaf? (1)

Daar is tans duisende mense wat vir die eertydse bleeksiel, Bill Gates, werk. Hy het dit profeties al op hoërskool voorspel. (1)

[35]

Aktiwiteit 108: Opsomming: Maniere om jou selfvertroue terug te kry

Voorgestelde antwoord

Agt hoofgedagtes in kernwoorde:

**verander negatiewe gedagtes is positiewes
sê vir jousef positiewe goed
plaas jousef in rolmodel se skoene
beskou probleme as geleenthede
ontwikkel talente, kry opleiding
lag goeie medisyne
omring jousef met bemoedigers
los perfeksionisme**

Sinne van agt hoofgedagtes:

- 1. Verruil 'n negatiewe vir 'n positiewe lewensuitkyk. (7 woorde)**
- 2. Bemoedig jousef met positiewe sêgoed. (5 woorde)**
- 3. By besluitneming, plaas jousef in jou rolmodel se skoene. (9 woorde)**
- 4. Beskou probleme as geleenthede waaruit jy kan leer. (8 woorde)**
- 5. Ontwikkel jou talente en kry opleiding. (6 woorde)**
- 6. Lag is goed en stel die goedvoelhormoon, endorfien, vry. (9 woorde)**
- 7. Omring jousef met positiewe bemoedigers. (5 woorde)**
- 8. Laat staan jou perfeksionisme en begin leef. (7 woorde)**

Opsomming in een paragraaf:

Kry jou selfvertroue terug! (Eie oorspronklike titel)

Ploeg selfvertroue terug in jou lewe. Verruil 'n negatiewe vir 'n positiewe lewensuitkyk. Bemoedig jousef met positiewe sêgoed. By besluitneming, plaas jousef in jou rolmodel se skoene. Beskou probleme as geleenthede waaruit jy kan leer. Kry opleiding en ontwikkel jou talente. Lag is goed vir jou, want dit stel die goedvoelhormoon, endorfien, vry. Omring jousef met positiewe bemoedigers en laat staan jou perfeksionisme. Moenie tob oor jou foute nie, maar probeer om volgende keer beter te doen. Leef elke dag voluit! (81 woorde)

Aktiwiteit 109: Hersiening van poëtiese begrippe

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. 'n Enkele reël van 'n gedig staan bekend as 'n **versreël**. As van hierdie reëls bymekaargevoeg word, staan dit bekend as 'n **strofe**. Skryf die syfer in kolom A en die korrekte letter in kolom B daarby.

Byvoorbeeld: 1 – d

Antwoorde	Kolom A	Kolom B
1. – d	1. Tersine	a. Ses versreëls
2. – c	2. Kwatryn	b. Twee versreëls
3. – e	3. Oktaaf	c. Vier versreëls
4. – a	4. Sekstet	d. Drie versreëls
5. – b	5. Koeplet	e. Agt versreëls
6. – c	6. Kwintet	f. Vyf versreëls

2. Onderskei tussen die volgende twee soorte halfrym. Skryf die syfer in kolom A en die korrekte letter in kolom B daarby.

Antwoorde	Kolom A	Kolom B
1. – b	1. Alliterasie	a. Herhaling van dieselfde vokaal in 'n versreël.
2. – a	2. Assonansie	b. Herhaling van dieselfde konsonant in 'n versreël.

3. Watter een pas nie? 'n Stadige tempo word bewerkstellig deur ...
- a. lang klanke
 - b. baie leestekens
 - c. baie kort woorde**
 - d. woorde wat beklemtoon word

4. Pas die korrekte beskrywing by die korrekte term. Skryf die syfer in kolom A en die korrekte letter in kolom B daarby.

Antwoorde	Kolom A	Kolom B
1. – c	1. Dié weglatingspuntjies word ook so genoem.	a. Personifikasie
2. – g	2. Die manier waarop 'n gedig gedruk is.	b. Retoriese vraag
3. – f	3. In die beeldspraak word twee sake direk met mekaar in verband gebring.	c. Beletselteken
4. – a	4. Die toedig van menslike eienskappe aan nie-menslike dinge of natuurverskynsels.	d. Paradoksale teenstelling
5. – b	5. Op hierdie vraag verwag jy nie 'n antwoord nie.	e. Eufemisme
6. – j	6. Dit dui op vooruitgang of ontwikkeling.	f. Metafoor
7. – d	7. 'n Skynbare teenstelling word só genoem.	g. Tipografie
8. – k	8. Twee teenstrydige woorde wat direk langs mekaar staan.	h. Polisindeton
9. – e	9. Versagting van die harde werklikheid word só genoem.	i. Hiperbool
10. – h	10. As 'n voegwoord herhaal word om 'n bepaalde effek te kry.	j. Progressie
11. – i	11. Hierdie is nie 'n opsetlike leuen nie, maar word net gebruik om iets indrukwekkend te laat klink.	k. Oksimoron

5. Kies uit die volgende om die onderstaande sinne te voltooi: Verhalende, sangerige, spannende
- 5.1 'n Gedig met 'n **sangerige** aard word 'n liriese gedig genoem.
- 5.2 'n Gedig met 'n **spannende** aard word 'n dramatiese gedig genoem.
- 5.3 'n Gedig met 'n **verhalende** aard word 'n epiese gedig genoem.

Aktiwiteit 110: Ongesiene gedig

Opdrag 1: 'n Gedig van Elisabeth Eybers

Vrae en voorgestelde antwoorde

- Skryf kortliks neer waarom hierdie gedig handel.
Sonder om die titel van die gedig aan die leerders te gee, skryf hulle neer waarom die gedig handel. Leerders gee hulle eie antwoorde. Hulle sal moontlik sê dat dit oor 'n begrafnis handel.
- Die titel van hierdie gedig is *Eerste liefde*. Sien jy nou hoe 'n belangrik rol 'n titel in die ontsluiting van 'n gedig speel? Nou weet jy dat dit hier nie oor 'n begrafnis van iemand gaan nie, maar dat dit handel oor die “dood” van 'n eerste liefde – die sogenaamde kalwerliefde wat sommer in die niet verdwyn.
- Benoem die vraag in versreël 5 en gee die funksie daarvan.
Retoriese vraag. Lesers kan 'n beeld van die persoon vorm.

Skep atmosfeer en afwagting.

4. Wat is die funksie van die beletselteken (stippels) in versreël 5 en 12?
Skep dramatiese afwagting van wie die persoon is. Dit skep ook atmosfeer van heimwee.
5. Benoem en verduidelik die beeldspraak in “Sy was so tingerig fyn,” (versreël 5).
Dit is ’n metafoor, die eerste (kalwerliefde) word gelyk gestel aan iemand wat tingerig en fyn is – dus broos en breekbaar.
6. Waarom kan haar dood as “vreedsaam” (versreël 7) beskryf word?
**Daar word gewoonlik nie lank oor dié jong liefde gehuil nie.
Dit raak ’n persoon nie so erg nie.**
7. Watter stylmiddel kom voor in “stil vertrek” (versreël 9)? Verduidelik.
Eufemisme. Haar “dood” word versag.
8. Gee die rympatroon van die tweede kwatryn en benoem die rymskema.
Rympatroon: c d c d, kruisrym.
9. Watter funksie vervul die dubbelpunt in versreël 9?
Na die dubbelpunt volg ’n verklaring waarom hy nie oor haar mag ween (huil) nie.
10. Wat is die leestempo in versreël 11? Waardeur word dit bewerkstellig? Noem 2.
Stadige tempo. Dit word bewerkstellig deur die baie leestekens en lang klanke.
11. In versreël 11 is daar ’n vergelyking. Wat is die raakpunt in hierdie vergelyking?
Raakpunt: albei met verlange terugdink aan hul tye saam.

Opdrag 2: ’n Gedig van Shane van der Hoven

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Wat is digterlike vryheid waarvan daar in die titel sprake is?
Dit is die vryheid wat ’n digter het om te skryf soos wat hy wil sonder enige beperkinge of reëls.
2. Haal ’n woord uit die teks wat dieselfde beteken as ...
 - 2.1 vooruitloop, vooruit voorspel wat gaan gebeur
antisipeer
 - 2.2 veronderstellings.
aannames
3. Watter twee woorde staan in kontras in die eerste strofe?
Swartgedrukte (of donker) en lofprysing.
4. Wat bedoel die spreker as hy sê dat sy woorde “donker” is?
Moeilik verstaanbaar.
5. Noem twee middele wat aangewend word om die donker woorde te beklemtoon.
Alleenplasing in versreël, die aandagstreep vestig die aandag op die voorafgaande en skep afwagting vir dit wat volg.
6. Verduidelik hoe woorde “ontrafel” en “degradeer” kan word.

Dit kan verduidelik word of makliker beskryf word. Maklik verstaanbare sinonieme kan daarvoor gegee word.

7. Watter tempo word in versreël 7 gehandhaaf? Watter middele word gebruik om hierdie tempo te bewerkstellig?

Lang klanke, die beklemtoning van die woord *stééds* wat die tempo verstadig en die aandagstreep (leesteken aan die einde van die versreël).

8. Word versreël 7 denotatief of konnotatief gebruik? Verduidelik wat met hierdie reël bedoel word.

Dit word figuurlik bedoel. Dit is 'n beeld wat geskep word. Dit dui daarop dat die persoon bevooroordeeld is en nie wil insien wat die spreker sê nie.

9. Verduidelik die sinestesie wat in die slotversreël voorkom.

Sinestesie is die vermenging van sintuiglike waarneming, die ink word gesien én met 'n ander sintuig (proe) in verband gebring.

Aktiwiteit 111: Hersien transaksionele tekste

Aktiwiteit 112: Lees- en geïntegreerde taalleeroefening

Vrae en voorgestelde antwoorde

1. Die woorde *lof toeswaa* (paragraaf 1) is 'n vaste uitdrukking. Voltooi die volgende uitdrukkings en maak sinne daarmee sodat die betekenis duidelik daaruit blyk:

1.1 rondborstig ... (1)

Hy het rondborstig erken (eerlik, openhartig) dat hy die koekies gesteel het. (1)

1.2 ruimskoots ... (1)

Sy is ruimskoots vergoed (baie, ruim) vir die skade wat aan haar eiendom aangerig is. (1)

2. Gebruik die woord *prys* (paragraaf 1) in 'n ander betekenisverband as in die teks. (1)

Die prys van die artikel is R50. (1)

3. Die woord *veelgeprese* kom in paragraaf 2 voor. Wat is die betekenis van dié woord. Gebruik die basiswoorde waaruit dié woord afgelei is. (1)

Die basiswoorde is *veel* en *prys*. Dit is dus iets wat veel/baie geprys word. (1)

4. Haal 'n infinitief uit paragraaf 3 aan. (1)

Om te gee. (1)

5. Skryf slegs die basis van die woord *vertekering* (paragraaf 4) neer.

Teer. (1)

6. *Daarvoor het jy 'n ander mens nodig* (paragraaf 4). Skryf hierdie sin oor in die lydende vorm. (1)

Daarvoor is 'n ander mens nodig. (1)

7. Benoem en verduidelik die beeldspraak wat in David Kramer se liedjie voorkom. (2)

Die liefde word met water vergelyk (1), en net soos wat die persoon dors na water, net so is hy ook dors na liefde. (1)

8. Waarom word die woord *babas* (paragraaf 6) nie met 'n afkappingsteken gespel nie, maar pa's (paragraaf 11) wel? (1)

Die woord *babas* het nie 'n beklemtoonde a nie, maar pa's wel. (1)

9. Skryf die sin in paragraaf 7 oor en brei die onderwerp uit deur middel van 'n byvoeglike bepaling. (1)

Enige uitbreiding van die onderwerp *navorsing*: Onlangse wetenskaplike navorsing dui op die noodsaak van aanraking. (1)

Maak seker dat jou beskrywing by *navorsing* nie 'n werkwoord bevat nie. As daar 'n werkwoord in is, dan word dit 'n byvoeglike bysin.

Vergelyk die volgende:

Die seun skop die bal.

Uitbreiding deur 'n byvoeglike bepaling: Die vinnige, fris seun skop die bal.

Uitbreiding deur 'n byvoeglike bysin: Die seun wat vinnig en fris is, skop die bal. Die woord *is* is 'n werkwoord en dit verander die bepaling na 'n bysin.

10. Gee een woord vir 15 minute lank (paragraaf 8). (1)

Kwartier. (1)

11. Haal 'n gesegdesin uit paragraaf 9 aan. (1)

... dus of die mens toegerus is... (1)

'n Gesegdesin volg na 'n koppelwerkwoord (is, lyk, skyn, heet, word, blyk was).

12. Wat beteken die woord *empatie* en hoe verskil dit van die woord *simpatie*? (2)

Empatie beteken om jouself in die plek van 'n ander te stel om sy probleme beter te begryp. (1)

Simpatie is 'n gevoel van meelewing in 'n ander se leed. (1)

13. ... *juis in die Westerse wêreld waar 'n verskeidenheid taboes, soms verstaanbaar, beletsels daarop plaas* (paragraaf 10). Skryf die fragment oor en vervang die kommas met 'n ander leesteken. (1)

... juis in die Westerse wêreld waar 'n verskeidenheid taboes – soms verstaanbaar – beletsels daarop plaas (paragraaf 10). (1)

14. Gee 'n idiomatiese benaming vir 'n pappbroek (paragraaf 12). (1)

Jan salie. (1)

15. Die woord *doen* kom in paragraaf 13 voor. Gee die korrekte vorm van dié woord in die volgende uitdrukking: (doen) sake het geen keer. (1)

Gedane sake het geen keer. (1)

16. Skryf die volgende woorde neer en daarnaas die woorde waaruit dit afgelei is.

16.1 verdag (paragraaf 14) (1)

Dink. (1)

Uit dink word die volgende woord afgelei: denke, gedagte, dunk, verdag.

16.2 geborgenheid (paragraaf 15) (1)

Berg. (1)

17. *Miskien omdat 'n drukkies bybetekenisse kan hê* (paragraaf 16).

17.1 Van watter *bybetekenisse* is daar hier sprake? (1)

'n Drukkies kan dalk as seksuele teistering gesien word. (1)

17.2 Die woord *hê* het 'n kappie op om die lang klank aan te dui. Skryf die volgende woorde oor en plaas kappies op waar nodig: brue, komplimentere (2)

Brûe (1) en komplimentêre (1)

(2)

18. Gee die teenoorgestelde betekenis van die woord *rasionele* in die volgende sin: Dit was nie rasionele argumente nie, maar ... argumente wat deur almal verwerp word. (1)

Irrasionele

(1)

Let op die spelling van dié woord.

19. Vertaal die Engelse sin in paragraaf 19 in goeie Afrikaans. (1)

Enige vrye vertaling:

(1)

Duiwels kan uit die hart verdryf word deur die aanraking van hand op hand en mond op mond.

Duiwels kan besweer word deur hande vas te hou en te soen.

[25]